UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 18 # 4 • 31–5–2010 • YEAR 18 # 4 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



Die US het op 25 Mei 'n gedenkdiens vir die voormalige Kanselier, dr Frederik van Zyl Slabbert, in die Endlersaal gehou. Dr Van Zyl Slabbert is op 14 Mei by sy huis in Johannesburg oorlede. Lees meer oor die man wat as 'n "leier van formaat" bestempel is, die US se gedenkdiens om hom te vereer en dr Van Zyl Slabbert se merkwaardige agtergrond op bladsy 7. (Hennie Rudman, SSFD)

# SU to host AAU conference in 2011

Stellenbosch University (SU) has been selected to host one of the biggest conferences of the Association of African Universities (AAU) next year. The University was chosen from five other AAU member institutions to host the Conference of Rectors, Vice-Chancellors and Presidents of African Universities (COREVIP) in the first half of 2011.

The conference is a gathering of the chief executive officers or representatives of member institutions and is held every two years. Some of the issues that are tackled during the COREVIP include the examination of themes identified as common concerns and priorities for the development of higher education in Africa; the compilation of recommendations for AAU members, the Governing Board and the Secretariat; and taking stock of the implementation of the decisions of the General Conference and recommending corrective measures.

Next year's conference will focus on *Strengthening the Space of Higher Education in Africa*.

The AAU was founded in Morocco on 12 November 1967 and is based in Accra, Ghana.

It promotes consultation, exchange of information and co-operation among higher education institutions in Africa. It also represents the interests of higher education institutions in Africa on various regional and international bodies and supports networking among institutions regarding teaching, research, information exchange and dissemination.

> *"I believe that this conference will promote greater collaboration between African institutions."*
> – Prof Russel Botman

At present, the organisation has 199 members from 45 African countries.

The Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, said that the University is honoured to host the COREVIP. He believes that this conference will promote greater collaboration between African institutions in tackling the problems that Africa faces.

"Stellenbosch University, like the AAU, is concerned with improving the quality of education at all universities on the African continent and engaging with other institutions to build collaborations that strengthen our core functions of research, teaching and learning and community interaction," he said.

The exact dates of the conference will be communicated at a later stage.

# WAT-skenking dra by tot die uitbou van Afrikaans

Al ooit gewonder hoe om op 'n mooi manier met die knaende vrae van 'n nuuskierige persoon klaar te speel? Snoer volgende keer die agie se mond met 'Dis Saartjie se saak'. Hierdie juweel is maar een van die vele interessanthede onder die letter 'S' waaraan die span van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) tans werk.

Die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs sy ondersteuning vir dié instelling getoon toe prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, 'n skenking van R1 miljoen aan die WAT oorhandig het. Die US tree reeds sedert 1930 as gasheer vir die WAT op. "Die donasie is 'n belegging in die voortbestaan van die WAT én in Afrikaans as lewenskragtige en groeiende taal. Met dié skenking rig die Universiteit ook 'n uitdaging aan ander instansies en individue om die WAT finansieel te ondersteun en só in Afrikaans te belê," het prof Fourie gesê.

Dr Willem Botha, Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur van die WAT, verduidelik dat die WAT se staatsubsidie oor die afgelope vyf jaar drasties ingekort is, en dat die instelling dus toenemend staatmaak op die ondersteuning van individue en instansies wat Afrikaans goedgesind is. Die WAT se bedryfskoste beloop sowat R3,4 miljoen per jaar. "Die staat se jaarlikse bydrae is ongeveer R1 miljoen, terwyl verkope en ander aktiwiteite van die WAT nog sowat R400 000 inbring. Dít beteken dat ons donateurs jaarliks vir nagenoeg R2 miljoen verantwoordelik is. Hierdie welwillendheid bevestig die waarde wat mense aan Afrikaans heg, en die vertroue wat hulle in die WAT stel. Dit is 'n wonderlike voorreg om 'n vennoot soos die US te hê."

Dr Botha sê dit is noodsaaklik dat elke ontwikkelde taal in sy wydste omvang te boek gestel word. "Die WAT verrig hierdie taak vir Afrikaans. Dus word nie alleen die standaardtaal omvattend opgeteken nie, maar ook die ander variëteite van Afrikaans, sowel as die rykdom aan Afrikaanse uitdrukkings, streektaal en geselstaal."

Dit is dan ook hierdie inklusiwiteit waarop die WAT veral trots is. "Die WAT is 'n woordeboek vir alle sprekers van Afrikaans. Ons is inderdaad 'n huis met baie wonings: Ons sluit niemand uit nie. Standaardtaal is nie vir ons belangriker as streektaal nie."

Tans werk die WAT aan die eerste van drie volumes wat die letter 'S' sal bevat. Een volume duur ongeveer drie tot vier jaar om te voltooi, en die woorde, frases en uitdrukkings onder die letters 'A' tot 'R' beslaan reeds meer as 8 000 bladsye.

Die WAT is ook in elektroniese vorm beskikbaar. US-personeel en -studente kan dit byvoorbeeld onder "E-boeke" op http://library.sun.ac.za vind. Een van die instelling se doelwitte is om Afrikaansonderwysers en -leerders in verskeie gemeenskappe op te lei om die *Elektroniese WAT* in die klaskamer te gebruik. Onlangs het die WAT juis in samewerking met die US se Afdeling Gemeenskapsinteraksie vyf werksessies in die gebruik van elektroniese woordeboeke by skole in die Stellenbosch-Franschhoek-omgewing aangebied.




Prof Magda Fourie van die US oorhandig die tjek aan dr Willem Botha van die WAT (Anton Jordaan, SSFD)

Die WAT samel tans geld in om die *Elektroniese WAT* aan 100 skole in die Wes-Kaap beskikbaar te stel, en onderwysers in die gebruik daarvan op te lei.

As jý graag jóú deel vir die uitbou van Afrikaans wil doen, kan jy 'n aanlynskenking aan die WAT maak. Gaan na www.woord.givengain.org, klik op die skakel "Make a secure donation", en kies die WAT as begunstigde. As jy die projek op 'n ander wyse wil ondersteun, skakel gerus met dr Willem Botha by 021 887 3113/ 021 808 3549.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus




**NEWS** *New research publication for University* 3




**PEOPLE** *Prof Vic Webb talks about language planning* 6



**SOKKER** *Nog net 11 dae en dan is dit hier!* 10



**BOOKS** *Leslie's academic passion leads to memoir* 11



**NUUS** *Nasionale Ordes vir ons twee Maties!* 12

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



Ek en 'n joernalisvriendin wat nog in die hoofstroommedia werk, ontmoet onlangs oor 'n koppie koffie. Sy het my heerlik geterg dat ek "sekerlik nou minder rondhol" as toe ek "daar buite" gewerk het. Groot was haar verbasing toe ek haar vertel hoe baie op hierdie kampus gebeur, en dat ek 'n dagblad sou kon vul met alles wat die Universiteit in een dag aanpak. Ja, as jy op dié kampus joernalis wil wees, is 'n lekker paar stapskoene 'n uitstekende belegging. Hier staan niks immers stil nie. En omdat daar juis hierdie maand soveel belangrike dinge op kampus gebeur het, het ons sommer 'n paar ekstra bladsye aangevra om alles in te pas.

Op bladsy 1 van vandeesmaand se Kampusnuus kan jy meer lees oor die belangrike *Association for African Universities*-konferensie waarvoor die Universiteit Stellenbosch (US) as gasheer aangewys is en wat in 2011 sal plaasvind, sowel as die Universiteit se bydrae tot die uitbou van Afrikaans deur 'n onlangse skenking aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). Op 25 Mei het die US ook hartseer afskeid geneem van die voormalige Kanselier, dr Frederik Van Zyl Slabbert, wat vroeër hierdie maand oorlede is. Lees meer hieroor op bladsy 7.

Met dié uitgawe moes ons eers die meningsblad agterweë laat om plek te maak vir twee belangrike sake wat ons briefskrywers geopper het. Maak seker dat jy die debatte oor die inwerkingstelling van die US se taalbeleid in die klaskamer, en diversiteit aan die Universiteit, sowel as die bestuur se antwoorde daarop lees. E-pos gerus jou kommentaar na kampusnuus@sun.ac.za, en merk dit "Briewebladkommentaar". Hierdie soort debatte is van kardinale belang vir die skep van 'n omgewing waarin almal veilig genoeg voel om hul opinies te lug en idees uit te ruil, maar ook koppe bymekaar te sit om saam antwoorde op die US se uitdagings te vind.

Op bladsy 3 vertel ons jou meer oor al die interessante gebeure in die akademie, en op bladsy 6 praat ons met prof Vic Webb, die wêreldbekende taalbeplanner wat onlangs as navorsingsgenoot in die program oor taalontwikkeling en taalbemagtiging van die US se Taalsentrum aangestel is.

Ons het ook probeer uitvind wat agter die skerms gebeur in die Universiteit se Oorhoofse Strategiese Plan-veldtog wat op 14 April intern afgeskop het, maar ons kon ongelukkig niemand oortuig om die kat uit die sak te laat nie. Ons het toe stilletjies 'n fotо laat neem (op bladsy 9) van een van die menige gebeure wat tans agter toe deure plaasvind. Maak dus seker dat jy die volgende *Kampusnuus* en die ander kommunikasiekanale op kampus dophou vir verdere inligting. Daar sal jy ook meer kan lees oor die nuwe personeellede wat by Fasiliteitsbestuur aangestel is en oor hoe navorsers en nagraadse studente aan die US gaan baat by die reuse geldelike toekennings wat die Universiteit van die *Andrew W. Mellon Foundation* en die *Claude Leon Foundation* ontvang het.

Die res van *Kampusnuus* is propvol stories oor onder andere die Fakulteit Teologie se Ekklesiasentrum, prof Karaan se aanstelling as een van die kommisarisse op die regering se Nasionale Beplanningskomissie, die onlangse HEMIS-instituut wat deur die US gereël is en die avonture van vier ingenieurs in die ysige Antarktika. Ons vertel ook van interessante gebeure in die aanloop tot die FIFA Wêreldbekersokker. Op bladsy 12 kan jy lees van twee Oudmaties en personeellede wat deur die President vir hul bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing vereer is.

En ná al dié leeswerk oor die miernes van bedrywighede op kampus, kan jy skoene uitskop en terugblaai na bladsy 11, waar prof Leslie Swartz se nuwe boek, *Able-bodied – Scenes from a curious life*, bespreek word. Die boek vertel die storie van Leslie se ervaringe as die seun van 'n man met 'n gestremdheid, en hoe dit bygedra het tot Leslie se eie besluit om 'n sielkundige te word en in navorsing oor gestremdhede te spesialiseer.

Geniet hierdie propvol uitgawe, die lang Junievakansie wat voorlê, sowel as die Wêreldbekersokker wat oor 11 dae afskop. Ek, daarenteen, trek solank maar weer my stapskoene aan: Alhoewel dit lyk of die wêreld vir 'n maand tot stilstand gaan kom om die wêreld se voorste sokkerspanne gade te slaan, is hier 'n hele klomp interessante gebeure op kampus wat my tot en met die Julie-uitgawe sal laat rondhol!

Lynne

## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

BRIEWE



# What is the language policy of SU?

This university claims to have the following core activities: research, teaching and learning; and community interaction.

I am comfortable with 1 and 2. But there appears to be a hidden 'condition', that of bi- or multilingual teaching, which is often regarded as an 'issue'. I am supposed to teach all my courses in English and Afrikaans, which leaves me with the following options:

1. Present half of the course twice, i.e. both languages together (the so-called T option). Result: The students get less than half the information, since it is virtually impossible to follow a bilingual discourse with a student who is not fluent in both languages. The student is punished, since he/she has less opportunity to learn.
2. Present the full course twice myself, one for each language (the so-called E/A option in series). Result: I have twice the teaching load and less time for my research (output). I am punished in my evaluation and possibly denied promotion.
3. Present the full course twice together with someone else (the so-called E/A option in parallel). This requires money. Is this money available?

Some departments are allowed to exercise an officially 'illegal' option, i.e. to present all 'higher level' courses in one language only – some departments only Afrikaans, others only English, but the exams are still written in both languages.

How can a university officially have objectives that are contradictory and a 'policy' without a firm structure to implement it? This policy then becomes an ideal. I firmly believe in ideals, but also in realising them. This requires a structure that should be provided from the top, by the institution. It cannot be built from the bottom, by the individuals.

As a travelled foreigner, I am used to learning foreign languages, but I am not used to the complexity of this situation. Bilingual (English and Afrikaans) students are the only ones that can fully follow the T option lectures. The others can't. South African students might be relatively used to this, but international students definitely are not, and are often told that each and every course will be given in both languages. This is not true; they are being deceived. From lecturers it is expected to speak both languages fluently, but a good and efficient language course is not offered to them. Hence they are also being deceived. And then it is said that "No language will be imposed onto a lecturer". I don't understand; if it is a policy it should be imposed onto the lecturer and he/she should be given the tools to comply. I would like to comply and learn Afrikaans, but I can't find a proper efficient Afrikaans course. Why isn't it offered to me?

It is unjust to present a policy without a structure and then expect the lecturer to compensate for all its shortcomings and pay with either his/her time or his/her research or teaching quality.

My question to the University is therefore the following: What is the language policy and how do you expect us lecturers to implement it?

*– Daniel Mikes*
*Senior Lecturer Sedimentology*
*Department Earth Sciences*

## Prof Magda Fourie answers:

The official Language Policy and Plan of Stellenbosch University (SU) can be consulted on the SU website. In order to operationalise the institutional policy and plan at a faculty level, a multilingual teaching model has been developed. This teaching model addresses the issues of accessibility, diversity, student success and financial sustainability – issues that impact on the attainability of the 2015 strategic goals set for the University.

The multilingual teaching model departs from the premise that different environments (faculties) have different contexts, and therefore different needs and challenges as far as medium of instruction is concerned. The model therefore consists mainly of a combination of parallel-medium and dual-medium tuition in Afrikaans and English with a view to producing multi-bilingual graduates, and makes provision for every faculty to draw up a language implementation plan to suit its own needs, within the ambit of the institutional Language Policy and Plan.

This model would offer non-Afrikaans-speaking students the opportunity to study at least partially in English (through parallel- and/or dual-medium instruction) with exposure to Afrikaans, which would facilitate their acquisition of, at least, good listening skills in Afrikaans. It would also offer Afrikaans-speaking students the opportunity to study at least partially in their mother tongue and, simultaneously, develop or improve second-language communication skills in English. In addition, all students would have the opportunity to improve their academic literacy skills in both Afrikaans and English.

This model also provides deans and heads of departments with the opportunity to appoint lecturers who can lecture in either Afrikaans or English or in both. Of course, lecturers should be empowered to function effectively in a multilingual teaching environment in terms of their own language and teaching skills. The Language Centre can be contacted for expert advice and support in this regard.

*– Prof Magda Fourie*
*Vice-Rector: Teaching*

# The Diversity Office: a watchdog without teeth?

I am sure that if there were a competition for most under-resourced portfolio with the most ambitious task at Stellenbosch University, the Office for Employment Equity and the Promotion of Diversity would be the strongest contender for the title. How is it that a university that subscribes to the following, "…that the bringing about of a corps of excellent students and academic and administrative staff members that is demographically more representative of South African society, must be fundamental to all our actions…" only has one individual dedicated to the task?

One might argue that this ethos should be present in all staff actions and thus does not require a team of individuals to monitor or enforce, but if one looks at the shocking disparities in enrolments by designated groups, it is clear that this is not the case.

The transformation process is one of Herculean proportions and requires more than just one staff member to monitor and enforce. Sixty-five per cent of enrolments for 2009 were white, which is possibly more reflective of failures of the secondary school system to turn out more candidates who are eligible for university entrance; however, what happens once those students are here? The legacy of apartheid is apparent in the differences in personal and social resources available to students of different races. Opportunities have been equalised for all students, but what if students do not have the prerequisite or complementary resources needed to take full advantage of those opportunities? In terms of staff, it is no secret that middle to top management is dominated by white men, while service staff at the lower end of the earnings spectrum are 100% coloured or black (consider the table in this University link: http://www.sun.ac.za/university/Statistieke/speadsheets/2009/table9.pdf).

The dissonance between the staff demographic profile and the demographic profile of the town or the province is distressing. There are a few non-white staff who occupy top management positions, most notably in the diversity and community interaction arenas. But yet it is the diversity portfolio that seems to be the discarded stepchild, something to wheel out when the University is under scrutiny to assure our sponsors that we are actually doing something about diversity. How does one person attend important meetings, strategise and implement diversity policy? What would happen if the media were to get wind of the fact that Stellenbosch University employs one person to look after diversity at a university with approximately 27 000 students, 2 600 permanent appointments and many more non-permanent appointments? I (and others I'm sure) am curious about exactly what the purpose of this toothless diversity watchdog is and whether the University is going to make a more concerted, well-resourced effort to ensure that its objective of a more representative demography is achieved.

*– Anonymous*

## Management answers:

We would like to commend *Anonymous* for publicly raising some very important issues with regard to equity and diversity. Everyone on campus should be concerned with these issues and there are in fact too few instances of initiatives and debates that emanate from outside the management sector.

The question posed about the capacity of the Office for Employment Equity and the Promotion of Diversity and the concerns expressed by its role and impact are indeed very important and merit due consideration. For the sake of brevity the following points need to be made:

1. The management of this portfolio is generally fraught with difficulties and challenges, only some of which relate to capacity. While some barriers have been removed and while sensitisation and advocacy initiatives have resulted in attitude changes, several barriers continue to prevent satisfactory progress. We agree with *Anonymous* that plans, targets and projections do not constitute adequate proof that the institution is being fundamentally changed. However, it should be recognised that, of the many interventions attempted over time, some have yielded success and constitute progress, for which the Office should take some credit.
2. The current Office has evolved from a set-up (in 2002) in which a partially seconded Human Resources practitioner assisted the Vice-Rector to ensure

*(continued on next page)*

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building not later than 28 June 2010. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

## LETTERS / BRIEWE

*(from previous page)*

compliance with the requirements of the Employment Equity Act, establish an appropriate institutional approach and implement a variety of strategies. The establishment of the Office (consisting of the Director and a secretary) about five years ago, therefore, unsatisfactory as it may seem to *Anonymous*, represented further recognition of the importance of diversity and equity matters. It should also be noted that the Office was established with the specific responsibility to deal with matters relating to staff and that it does not have any direct responsibility concerning student-related matters.

3. Yet, the Office has inevitably become involved in student-related and broad transformational issues for which it does not necessarily have the capacity, but concerning which its expertise may be regarded as valuable. In such instances the primary responsibility, in other words personnel equity and diversity matters, will have to take precedence and will require the main focus. The point made that student diversity is a matter of not only access but also success is a valid one. Widening access for black, coloured and Indian students, particularly from disadvantaged backgrounds, is addressed in a number of ways. These include targeted recruitment initiatives, such as recruitment bursaries, and studies on the barriers to access experienced by these students. Specific targets for undergraduate student diversity have been set for 2015, and faculties and support services are working together in trying to achieve these. Similarly, the challenges regarding student success, particularly for first-year students, are addressed through the activities of the First-year Academy and a number of other support mechanisms. Yet, the transformation of Stellenbosch University to become an institution with a more inclusive and welcoming institutional culture is the collective responsibility of all staff and students.
4. It would be unfair to reduce the role and responsibility of the Office to that of being a "watchdog". Monitoring is but one of several responsibilities indicated in the advertisement of the position of Director in August 2005. Other job specifications include reporting, consultative, advisory and training responsibilities. The deliberate juxtaposition of "capacity" within the Office with "the most ambitious task at Stellenbosch University" similarly presents the matter in a limiting, confined way. It ignores the institutional approach that the promotion and celebration of diversity and equity is a collective responsibility. It also ignores the access to and potential support of individuals and sections within the University that could play an active role in pursuance of the responsibilities of the Office. A case in point would be the increased cooperation between the Human Resources Management section and the Director, who is a member of the Human Resources Management Committee.

Obviously, institutional priorities and the allocation of resources need to be constantly reviewed and views such as those expressed by *Anonymous* should be given due consideration.

# Universiteite kan MOD's op koers help hou



Lede van die Vereniging van Statebondsuniversiteite op besoek aan die Universiteit Stellenbosch *( Anton Jordaan, SSFD)*

**Universiteite moet die strewe na die Millenniumontwikkelingsdoelwitte (MOD's) op koers help hou, juis noudat dié wêreldwye projek nie na wense vorder nie. Dít was die boodskap van sprekers by die Vereniging van Statebonds-universiteite (VSU) se konferensie van uitvoerende hoofde aan die einde van April. Die vier Wes-Kaapse tersiêre instellings – die Universiteit Stellenbosch (US), die universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland, en die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie – het dié geleentheid gesamentlik aangebied.**

In 2000 het wêreldleiers 2015 as teiken gestel vir beduidende vordering met die uitwissing van armoede en hongersnood; die voorsiening van basiese onderwys; geslagsgelykheid en vrouebemagtiging; die vermindering van kindersterftes; die bevordering van moedergesondheid; die stryd teen MIV/vigs en malaria; omgewingsvolhoubaarheid, en 'n wêreldwye vennootskap vir ontwikkeling.

Volgens me Geraldine Fraser-Moleketi, voormalige Minister van Staatsdiens en Administrasie in Suid-Afrika, en deesdae 'n senior amptenaar van die UNDP, die Verenigde Nasies (VN) se ontwikkelingsprogram in New York, is daar "'n goeie kans dat nie alle lande dié doelwitte teen 2015 gaan bereik nie". Veral in die stryd teen armoede, honger en geslagsdiskriminasie blyk vordering gebrekkig te wees.

"Die 'klub' [van ryk lande en invloedryke finansiële instellings] sal na maniere soek om nie hul verbintenisse [teenoor ontwikkelende lande] na te kom nie," het me Fraser-Moleketi by die konferensie gewaarsku.

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, het gesê regerings moet onder strawwer druk geplaas word om meer te doen. "Ons kom al hoe nader aan 2015, en daar is nie genoeg vordering nie."

Hy het die US se strategiese temas as 'n voorbeeld voorgehou van hoe universiteite die internasionale ontwikkelingsagenda kan bevorder. Die temas dek armoede, menswaardigheid en gesondheid, demokrasie en menseregte, vrede en sekuriteit, sowel as omgewingsvolhoubaarheid en industriële ontwikkeling.

"Universiteite het die breinkrag, die navorsingsvermoë, die beleidsontleding én die opleidingsvaardighede om aan MOD-verwagtinge te voldoen. Ons moet dit egter bewys, want almal aanvaar dit nie as 'n gegewe nie," was die boodskap van mnr Kamalesh Sharma, Sekretaris-Generaal van die Statebond.

'n MOD-beraad van VN-lidlande vind in September in New York plaas. Dr Blade Nzimande, Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, het gesê die regering is gevra om te verseker dat die rol van universiteite erken word. Die MOD's maak geen melding van hoër onderwys nie.

Die Statebond se universiteitsleiers het in hul slotverklaring 'n beroep op regerings en skenkers gedoen om meer erkenning en geld aan universiteite te gee om die MOD's te bevorder.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het gesê die konferensie was 'n goeie platform vir skakeling tussen kundiges vanuit verskillende wêrelddele. Die VSU is een van die wêreld se grootste tussenuniversiteitsnetwerke, met 508 lede op vyf vastelande. US-kundiges wat inligtingsessies gelei het, is prof Johan van Rooyen (oor landbou in Afrika), prof Jimmy Volmink (oor voedselsekuriteit) en prof Mark Swilling (oor volhoubaarheid). "Die konferensie was 'n indrukwekkende vertoonvenster vir die suksesvolle streeksamewerking tussen hoëronderriginstansies in die Wes-Kaap," het prof Smith gesê.

- Vir meer inligting, besoek www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.

– DESMOND THOMPSON

# SU research activities proudly showcased

**With so much research being done at Stellenbosch University, it can be hard for interested parties to keep track of the latest developments. However, a new publication, which highlights the groundbreaking work being done in this field, is set to change that. *Research at Stellenbosch University 2009*, which was recently launched by the Division for Research Development (DRD), has a magazine-type look and a striking design.**

"This is something that our researchers can be proud of when they present it to visitors, future collaborators and research partners," a member of the editorial team, Ms Dalene Pieterse of Research Information and Strategy at the DRD, said.

The publication is a new take on the annual *SU Research Report*, which was published up to 2008 and listed all the University's research publications in a particular year. The aim of the new publication is to provide the national and international research community with a comprehensive yet accessible overview of research activities at SU.

"This type of publication is important because it showcases SU's research output, which contributes to the social and economic wellbeing of our society and thereby combats despair. We have positioned ourselves as a true knowledge partner and pioneer in support of the national and continental development agenda," Prof Arnold van Zyl, Vice Rector: Research, said.

The publication covers research within each of the University's five development themes:

- Eradicating poverty and related conditions
- Promoting human dignity and health
- Promoting democracy and human rights
- Promoting peace and security
- Promoting a sustainable environment and a competitive industry

It also contains a section about work that contributed to the international recognition of SU for its research excellence. Significant awards received by SU researchers are highlighted, and there is a feature on the University's research support mechanisms as well as information on rated researchers, research chairs and Centres of Excellence.



Here's the team who worked on the new publication. From the left are Mss Felicia McDonald, Dalene Pieterse, Marica West, Esther Kritzinger and Maryke Hunter-Hüsselmann (Hennie Rudman, SSFD)

"It has become more and more important for researchers to communicate their research activities to the media and the broader public. At the DRD, we have included science communication as one of our core functions," Ms Maryke Hunter-Hüsselmann, Manager: Research Information and Strategy at the DRD, said.

"We would really like to thank each contributor. Without the willingness of the researchers to share their research activities with us, we would not have had such a useful publication."

- For a hard copy, or if you would like your research to be featured in the next edition, please contact Ms Hunter-Hüsselmann at mh3@sun.ac.za or on 021 808 4623.

*Research at Stellenbosch University 2009* can be accessed electronically at http://bit.ly/SU_Research

Information formerly captured in the annual *SU Research Report* is still available at http://bit.ly/Research_Report

# Lecturers benefit directly from SOTL Conference

"The conference gives lecturers the opportunity to find out what support is offered by the University and to discuss teaching issues with other lecturers in a relaxed, yet formalised, atmosphere". These were the words of Lianne Keiller from the Department of Physiotherapy following the fifth annual conference of the Scholarship of Teaching and Learning (SOTL), hosted by SU's Centre for Teaching and Learning (CTL), which took place earlier this month.




Dr Johan Dempers (right) and his team from the Department of Anatomical Pathology were the overall winners of the award for the best participant at the conference. Prof Juanita Bezuidenhout, left, received the award on Dr Dempers behalf at the SOTL conference (Hermien Nel)

The two-day conference was held at Stellenbosch Lodge on 11 and 12 May, with pre-conference workshops held on campus on 10 May, and was attended by 140 delegates from the 10 faculties of the University.

The aim of the SOTL conference is to give SU lecturers the opportunity to share teaching practices and innovation and showcase teaching research conducted at the University. The conference was opened by Dr Ludolph Botha, with the official welcoming given by the Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, via a video recording.

Ms Ndagire Kizito from Unisa was one of the guest speakers on the opening day of the conference. Her talk focused on the challenges that arise when teaching graduates in an extremely complex environment in which lecturers educate students for jobs that potentially do not yet exist. "On the one hand, there is pressure from the labour market to produce 'job-ready students', while on the other hand, universities would like to maintain their status as sites of critical and transformatory engagement with knowledge production and dissemination," she said. Prof Vanessa Burch, Chair of Clinical Medicine at the University of Cape Town and a recipient of a recent award for teaching practice, was the second guest speaker. She shared her journey of academic scholarship in a particularly insightful and interesting manner, telling of 'the good, the bad and the ugly' truths regarding the adoption of a student-centred approach to teaching and learning, in which research and teaching inform one another.

A new addition to the conference proceedings this year was the post-plenary discussions that allowed groupings of about 45 participants at a time to raise issues highlighted in the keynote address.

Each year, CTL also awards a prize to the best participant at the conference. This year the judges – Dr Ludolph Botha, Ms Ndagire Kizito and Prof Chris Winberg from the Cape Peninsula University of Technology – selected Dr Johan Dempers and his team from the Department of Anatomical Pathology as the overall winners of the award. The prize will allow the team to participate in an international conference on teaching and learning.

Prof Juanita Bezuidenhout, who received the award on her colleague's behalf, smilingly remarked that he was teaching at that moment and was therefore not able to attend the ceremony. It was affirming that Dr Dempers also received the most nominations for the Delegates' Choice Award. The prize for the department with the most presentations was won by the Department of Curriculum Studies.

The conference ended with a panel discussion entitled *New frontiers: Taking teaching forward*, which was chaired by Prof Jan Botha from Institutional Research and Planning at SU.

# *Vier US ingenieurs onderneem 'yslike' avontuur in Antarktika*

Vier 'pioniers' van die Fakulteit Ingenieurswese het as't ware die ys gebreek en 'n trots Stellenbosse produk in Antarktika geïnstalleer. Mnre Ivan Hobbs, Johan Stander, Johannes Potgieter en Adriaan Lombard het in Januarie die eerste van drie beplande windturbines op die Suid-Afrikaanse navorsingsbasis in Antarktika (SANAE IV) opgerig en getoets.

Dit maak deel uit van 'n navorsingsprojek deur prof Maarten Kamper wat deur die Nasionale Navorsingstigting en die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktika-program (SANAP) gefinansier word. Die vier Stellenbossers is met die hand uitgesoek, en het elkeen 'n noodsaaklike rol in prof Kamper se span vervul.

Met die styging in olie- en dieselpryse in 2000 is daar ondersoek ingestel na die moontlike benutting van windenergie op die navorsingsbasis vir kragvoorsiening aan die SANAE-netwerk. 'n Klein proefmodel is reeds met die 2007/8-aflosekspedisie op die proef gestel, en bouwerk aan die eerste windturbine het in 2009 begin. Die doel is om uiteindelik drie windturbines met 'n gesamentlike vermoë van 45–60 kW op die basis op te rig.

Mnr Stander, 'n meganiese ingenieur, was verantwoordelik vir die toring, fondament en gondel (die aërodinamiese huls om die turbine). Mnr Lombard, wat in megatronika spesialiseer, het die meganiese ontwerp van die opwekker behartig. Die twee elektriese ingenieurs, mnre Potgieter en Hobbs, het weer onderskeidelik die elektriese masjienontwerp en die drywingselektronika hanteer.

Om by die basis uit te kom moes die vierstuks 'n twee en 'n halwe weke lange bootreis saam met 90 passasiers en 30 bemanningslede onderneem. Oor dié ondervinding sê mnr Potgieter: "Aanvanklik voel dit soos 'n vakansie, maar later raak jy moeg en verveeld. Gemmerbier en handevol seesiekpilletjies het die geskommel darem draaglik gemaak." Aangesien die vier ingenieurs die Poolsirkel die eerste maal gekruis het, moes hulle boonop 'n ysige inwydingsplegtigheid ondergaan waarin hulle koning Neptunus se 'toestemming' moes vra om daar te wees, en 'n verfrissende onderdompeling in yswater moes trotseer.



Die trots Stellenbosse windturbine

Op die basis aangekom, moes hulle eers 'n gat in die sneeu grawe om vaste rots vir die installasie te bereik. Nadat hulle gate in die rots geboor het, is die fondamentplaat waarop die toring staan, opgerig. Daarna het die gondel, die opwekker, die lemme en die kabels en bedrading gevolg. Die vier is dit eens dat hul voorbereiding op Stellenbosch baie goed te pas gekom het: Hulle het die hele installasie tien maal op- en afgeslaan en geoefen om die gate te boor. Hulle is dankbaar vir die goeie ondersteuning van die SANAP-ingenieur, oud-Matie mnr Gideon van Zyl, en tegnici op die basis, en sê daar was groot belangstelling in hul projek.

Ná voltooiing het die opwekker die eerste dag binne twee uur 8–10 kW elektrisiteit opgewek, en die tweede dag 2–5 kW binne 45 minute. Ongelukkig het 'n elektriese fout 'n kortsluiting veroorsaak, het die opwekker onklaar geraak, en was daar nie genoeg tyd om dit voor die span se terugkeer na Suid-Afrika te herstel nie.

Die proefmodel is dus gesluit en net so gelaat om vas te stel of dit die Antarktiese storms met windsnelhede van tot 252 km/h op 'n hoogte van 10 meter kan deurstaan.

Die opwekker sal na verwagting aan die einde van die jaar herstel word, wanneer die volgende twee fondamente ook sommer gebou sal word. Ál vier ingenieurs bestempel die sending as 'n ongelooflike ervaring, en voel baie tevrede dat hulle daartoe kon bydra dat 'n stukkie Stellenbosch nou in die vreemde pryk. Vir meer inligting, besoek http//research.ee.sun.ac.za/sanap.

– Liesel Koch



Die span voor hul vertrek. Saam met prof Maarten Kamper (middel), is (van links) Ivan Hobbs, Adriaan Lombard, Johan Stander en Johannes Potgieter



# Researcher bags top international award

Dr Bonginkosi Chiliza (photo) has received a top international accolade with his inclusion in the top 10 Rafaelsen Young Investigators Awards for 2010, recently announced by the *Collegium Internationale Neuro-Psychopharmacologicum*. Dr Chiliza is a senior psychiatrist and senior lecturer at the Department of Psychiatry in SU's Faculty of Health Sciences.

His research interests include first-episode schizophrenia, particularly factors that influence outcome, psychopharmacology and language access in mental health services. He has previously worked as a research fellow in the Schizophrenia Research Unit at SU on a project entitled *A prospective study of clinical, biological and functional aspects of outcome in first-episode psychosis*.

Dr Chiliza has received numerous awards, including the Hamilton Naki Clinical Research Fellowship (2007), the World Congress of Biological Psychiatry Travel Grant (2009) and the Schizophrenia International Research Society Travel Award (2010). He has co-authored a number of peer-reviewed articles and is currently completing his doctorate under the supervision of Prof Robin Emsley.

Also included in the top 10 are researchers from Ireland, the USA, the UK, Canada, India, China, Korea and Estonia.

– Sybelle Albrecht

# Collaboration with University of Montreal

The Rector, Prof Russel Botman, signed a collaboration agreement with the University of Montreal earlier this month that will allow for the exchange of academic, cultural and administrative expertise with the Canadian university.

Prof Luc Vinet, the Rector of the University of Montreal, and Prof Botman had a meeting during the Stellenbosch leg of the Conference of Executive Heads of the Association of Commonwealth Universities (ACU).

The aim of the agreement is to identify complementary areas of excellence that would offer potential for research partnerships and student exchange programmes.

The University of Montreal, with its two affiliated schools, has 13 faculties and 660 programmes of study. It accommodates 55 000 students from across the world and awards close to 10 000 degrees at every university level. It also offers the widest range of programmes in health sciences in Canada and enjoys an international reputation in the fields of biomedical science and technology.



Prof Luc Vinet, the Rector of the University of Montreal (left), and Prof Russel Botman signing the collaboration agreement (Roger Sedres)

# Akademie rus bibliotekarisse toe vir beter navorsingsteun

Ses personeellede van die Universiteit Stellenbosch (US) se Biblioteek- en Inligtingsdiens het pas die *Research Libraries Consortium*-projek se biblioteekakademie voltooi wat dié personeel toerus om hoogstaande diens aan navorsers te lewer.

Die deelnemers aan die akademie was me Ina Smith, mnr Pieter du Plessis, mee Mimi Seyffert, Elda Nolte (raadgewende groepleier), Santie de Jongh, Naomi Visser en Marié Roux.

Dié uitgesoekte groep bibliotekarisse is veral in die navorsingsproses touwys gemaak. Gedurende die twee weke lange akademie het van die voorste navorsers van oor die hele land hul kennis oor die navorsingsproses in verskillende dissiplines met die deelnemers gedeel.

Buiten dat die akademie deelnemers se kennis verruim het, is die gedagte dat deelnemers hul nuwe kennis met kollegas sal deel, sodat die Biblioteek in sy geheel uiteindelik beter diens en ondersteuning aan navorsers en akademici kan lewer.

Me Marié Roux, een van die deelnemers, beskryf die geleentheid soos volg: "Die akademie was 'n besonder verrykende en inspirerende ervaring. Die deelnemers was dit eens dat hulle hierná toegerus sal wees met veral entoesiasme oor die rol wat bibliotekarisse in gespesialiseerde navorsingsteun kan speel."

Die *Research Libraries Consortium*-projek, wat deur die Carnegie-korporasie geborg word, wil biblioteekondersteuning aan Suid-Afrikaanse navorsers drasties verbeter. Die US het verlede jaar by die projek aangesluit. Ander deelnemerinstellings is die universiteite van Kaapstad, KwaZulu-Natal en Pretoria, sowel as Wits- en Rhodes-universiteit.

Die projek behels voorts die bou en inrig van 'n gespesialiseerde, eksklusiewe navorsingsentrum in elke deelnemende universiteitsbiblioteek waar navorsers en nagraadse studente in 'n rustige dog hoogs tegnologiese omgewing kan werk en met ander navorsers kan skakel. Die US se gespesialiseerde navorsingsentrum behoort teen die einde van vanjaar voltooi te wees.



Van links is me Ina Smith, mnr Pieter du Plessis, mee Mimi Seyffert, Elda Nolte, Santie de Jongh, Naomi Visser en Marié Roux

# *International research collaboration will help SA wine industry*

The wine industry in South Africa is now reaping the rewards of an international research collaboration between Stellenbosch University and Nofima, a world-renowned research centre in Norway.

In 2009, SU's Department of Food Science and the Institute of Wine Biotechnology (IWBT) teamed up with Nofima for an exciting four-year international research project called *ConsumerCheck.* The main goal of the *ConsumerCheck* project is to develop statistical methods that can be used to identify important factors for consumer acceptance. This entails statistical method development using multivariate data-analysis techniques; the development of an easy-to-use open source software package, and ultimately conducting industry-based projects. The other participating countries in the *ConsumerCheck* project are Denmark, Italy, Australia and the Netherlands.

This year, the IWBT will continue this collaboration with Nofima and will embark on a project to profile the sensory and chemical attributes, as well as consumers' perceptions of Chenin Blanc wines.

According to Dr Hélène Nieuwoudt, researcher and project leader at the IWBT, while Chenin Blanc is important to the South African wine industry because of its growing export volumes and the unique position that the varietal occupies in the international wine market, the wine has not been profiled.

"The information that we have on the sensory and chemical properties of this varietal is therefore fragmented and dated," explains Dr Nieuwoudt.

"In addition, the consumers' opinion of Chenin Blanc is largely unknown." In view of this, the IWBT established a research collaboration agreement with the South African Chenin Blanc Association earlier this year.

According to Dr Nieuwoudt, the investigation into South African Chenin Blanc wines is expected to identify the key sensory components of the various styles (e.g. sweet, fresh and fruity, rich and ripe) based on extensive chemical and sensory profiling, as well as the consumers' point of view. "This could assist producers in creating appropriate wine styles of these genres and brand owners in defining specific targeted marketing strategies. An additional outcome of this study is to develop 'green' chemistry methods aimed at significant reduction of their environmental impact," she says.

This year, four students who have enrolled for postgraduate studies will focus on the chemical and sensory profiles of South African Chenin Blanc wines, as well as consumer acceptance of the various Chenin Blanc wine styles. In these studies, the well-equipped Chemical Analytical Laboratory of the IWBT and Sensory Research Unit of the Department of Food Science will play a major role. The four research projects are funded by the National Research Foundation, as well the South African wine industry in the form of a three-year Winetech grant.

Recently researchers, postgraduate students of SU and visiting scientists from Norway were given the opportunity to get a taste of the top-scoring Chenin Blanc wines in the Chenin Blanc Challenge at the Mount Nelson Hotel in Cape Town. This event coincided with a research visit to SU by Prof Tormod Næs, Principal Research Scientist at Nofima. Prof Næs is the leader of the *ConsumerCheck* research project. "The postgraduate studies on Chenin Blanc will all form part of this international research programme," says Dr Nieuwoudt. One of the anticipated outcomes of this international research collaboration is the development of a software program that will use new statistical methods to give industry a better insight into what consumers want.



*Visiting Delaire Graff Estate while on a research visit to Stellenbosch University: Prof Tormod Næs and PhD student Elena Menichelli, both from Nofima, Norway*

# Wêreldbekende taalbeplanner by Stellenbosch aangestel

Prof Vic Webb, 'n wêreldleier in taalsosiologie en taalbeplanning, is onlangs as navorsingsgenoot in die program oor taalontwikkeling en taalbemagtiging van die Universiteit Stellenbosch (US) se Taalsentrum aangestel. Prof Webb is tans Direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Taalpolitiek (*CentRePoL*) aan die Universiteit van Pretoria (UP). As navorsingsgenoot by die US sal prof Webb op die impak van taalbeleid, -beplanning en -ondersteuning op suksesvolle studie konsentreer. *Kampusnuus* het met hom oor sy agtergrond, die werk wat hy aan die US gaan doen, en sy mening oor die huidige taaldebat gesels.



Prof Vic Webb (regs) en prof Leon de Stadler (Anton Jordaan, SSFD)

**Redakteur**: Vertel ons meer oor die werk wat jy aan die US gaan doen.

**Webb**: *My vernaamste taak is om aan die Universiteit se navorsingsprogram oor taalontwikkeling en taalbemagtiging deel te neem. Onder die leiding en bestuur van die Taalsentrumdirekteur, prof Leon de Stadler, het die US reeds skitterende werk ten opsigte van taalbeplanning gedoen. Afgesien van die Taalsentrum self, is die US se belangrikste prestasie die mate waarin die instelling sy taalplan in werking gestel het, en veral die mate waarin fakulteite aan die hele proses saamwerk. Ook die taaldebat is myns insiens 'n positiewe verskynsel, en toon die US en sy onmiddellike gemeenskap se gewilligheid (én volwassenheid) om 'n kwessie wat in die Afrikaanse gemeenskap 'n uiters emosionele saak kan word, indringend in die openbaar te bespreek.*

*Uit gesprekke met etlike rolspelers by die Universiteit is dit egter ook duidelik dat verskeie kwessies in die proses van doeltreffende taalbeleidstoepassing nog aandag verg: Hoe doeltreffend moniteer dekane byvoorbeeld hul fakulteite se taalbeleid? Hoe gaan hulle die inwerkingstelling daarvan beoordeel en, indien nodig, hul beleidsbesluite aanpas? In watter mate is akademiese personeel en studente tot die taalplan verbind? Wat is die swak punte van die AE- en die T-opsies, en hoe kan dit hanteer word? In watter mate slaag die US daarin om die gestelde doelwitte vir die taalplan te bereik? Hoe dra die taalplan tot die positiewe hantering van diversiteit, en doeltreffender kruiskulturele verhoudings by?*

**R:** Hoe sluit taal en die toepassing van taalbeleid by suksesvolle studie aan?

**W:** *Taal is die belangrikste instrument waarmee 'n mens inligting van buite kan bekom, internaliseer en verwerk, en ook die enigste waarmee jy jou kennis, menings en betoë aan ander kan oordra. Taal is ook 'n belangrike psigososiale instrument, wat intiem met jou sin van eiewaarde, selfvertroue en selfbelewing verband hou. As jy ongemaklik voel in die akademiese omgangstaal, of as die gemeenskap (in ons geval die gemeenskap van akademiese ontwikkeling) jou taal misken en jy vertroue verloor in jou vermoë om aan verwagtinge te voldoen, sal jy waarskynlik misluk of minstens nie jou potensiaal verwesenlik nie.*

**R:** Die navorsingsprogram sal verskillende subtemas ondersoek. Vertel ons 'n bietjie meer.

**W:** *Die verskillende subtemas in die navorsingsraamwerk dek belangrike dimensies van die rol van taal aan die US. Dit sluit in die uitwerking van taalhoudings op die verwesenliking van die Universiteit se taalbeleidsdoelwitte, die hantering van kwelpunte wat die AE- en T-opsies betref, en die ontwikkeling van studente se taalvaardighede en akademiese geletterdheid in die tale van onderrig en leer.*

*Ook kan geen taalbeleid doeltreffend toegepas word sonder die volle verbintenis van die rolspelers op voetsoolvlak nie, veral die akademiese personeel en die studente. Ons móét dus vasstel wat die dosente en studente se taalhoudings is, en die taalplan daarvolgens rig.*

*Daarbenewens moet ons vasstel wat dosente en studente se taalgedragspatrone in die klaskamer is. Hoe gebruik hulle byvoorbeeld die verskillende tale in T-opsieklasse? Wie gebruik watter taal, waarvoor, wanneer en waarom? Kan die Universiteit só steeds sy akademiese taak doeltreffend verrig?*

*Ons sal ook ondersoek instel na die werklike bydrae van die Taalsentrum se programme tot studente se taalvaardighede en akademiese geletterdheid, en tot die verwesenliking van die US se taalbeplanningsdoelwitte, en bepaal of die ontwikkeling van Xhosa as akademiese taal genoeg aandag ontvang.*

**R:** Jy is tans Direkteur van die UP se *CentRePoL*. Vertel ons van die Sentrum, en hoe jy jou werk daar ook by die US kan toepas.

**W:** *Die Sentrum beywer hom sedert 1997 vir taalbevordering en -ontwikkeling sowel as bemagtiging deur taal in 'n meertalige werklikheid.*

*Daar is ooglopende raakpunte tussen die aktiwiteite van CentRePoL, en die werksaamhede wat in die US se navorsingsprogram oor taalontwikkeling en taalbemagtiging beplan word. Dié raakpunte is onder meer die beoordeling van taalbeleidstoepassing; die voorwaardes waaraan taalbevordering en -beplanning moet voldoen; die take wat persone moet verrig om studente se taalvaardigheidsvlakke te verbeter, en die verantwoordelikhede van dosente in inhoudsvakke (soos Ekonomie, Wiskunde en Stads- en Streeksbeplanning) om studente se vakkundige diskoersvaardighede te ontwikkel.*

**R:** Die taaldebat aan die US woed nou al lank, en almal het verskillende standpunte oor hoe Afrikaans uitgebou moet word. Hoe ervaar jy hierdie debat, en watter bydrae kan dit tot Afrikaans sowel as ander minderheidstale lewer?

*W: Die debat het by tye ooremosioneel en selfs persoonlik geraak, wat duidelike nadele vir die US én vir Afrikaans ingehou het, en vir die betrokke partye se positiewe bedoelings onverwesenlik gelaat het. Die taalkwessie is uiters belangrik – vir die US, maar ook vir ander hoëronderwysinstellings, en selfs vir die hele land. Ek meen die US kan goed voel oor die moed wat die instelling gehad het om die debat te laat plaasvind. Taal, veral Afrikaans, is 'n uiters emosionele, omstrede saak in Suid-Afrika, en juis daarom is dit 'n waagstuk om openbare debatte daaroor te voer. Terwyl ander universiteite skynbaar daarvoor terugdeins, het die US die moed gehad om deel te wees van die taaldebat, en só die belang van taal in onderwys (én die gemeenskap) uitgelig.*

*Een saak wat myns insiens in enige verdere debat oor die taalkwessie beklemtoon moet word, is meertaligheid. Dit is ononderhandelbaar. As ons dus wil aanvoer dat Afrikaans as akademiese taal behou moet word, moet ons dit op die aanname grond dat Afrikaans een van verskeie tale is, en nie in afsondering beskou kan word nie.*

*Eweneens mag daar nie gereDeneer word dat die US maar die 'natuurlike' gang moet gaan en volledig verengels nie.*

# *HEMIS-instituut is 'n reuse sukses by Stellenbosch*

Om 'n uitnemende universiteit aan die voorpunt van nuwe ontwikkeling te wees verg meer as blote investering in onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Dit behels ook daadwerklike institusionele navorsing om die verskeidenheid beleidstukke wat hoëronderwysinstansies reguleer doeltreffend toe te pas.

Personeel van die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB) aan die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs die geleentheid gehad om regstreeks by die uitbou van institusionele navorsing in Suider-Afrikaanse hoëronderwysinstellings betrokke te wees, met die reël van 'n HEMIS-instituut by die Universiteit van 19 tot 21 April. HEMIS is die hoëronderwysbestuurs-en-inligtingstelsel vir staatsgesubsidieerde tersiêre instellings.

Die instituut, wat deur mnre Neil Grobbelaar, Direkteur: Institusionele Inligting, en Leon Eygelaar, Assistentdirekteur: Institusionele Inligting, met die ondersteuning van INB-sekretaresse Janine Arendse gekoördineer is, is deur 'n rekordgetal van 76 verteenwoordigers van 25 verskillende Suider-Afrikaanse hoëronderwysinstellings bygewoon. "Evalueringsverslae wat die verteenwoordigers aan die einde ingedien het, het deur die bank aangedui dat vanjaar se instituut baie suksesvol was. Alles dui daarop dat die 2010-formaat en -programinhoud die rede vir die groot belangstelling, die goeie opkoms, en die welslae van die geleentheid was," sê mnr Eygelaar.

Wat presies is institusionele navorsing egter? Volgens mnr Eygelaar word dit algemeen omskryf as 'n versameling aktiwiteite wat besluitneming, beleidmaking, beleidsontleding, gehalteversekering, doeltreffende bestuur, projeksies en beplanning in hoër onderwys ondersteun. "Suid-Afrikaanse, en inderdaad Suider-Afrikaanse, instellings het 'n al hoe dringender behoefte aan institusionele navorsing om die verskeidenheid beleidstukke oor hoër onderwys te hanteer," verduidelik mnr Eygelaar.

Die jaarlikse HEMIS-instituut skep 'n platform om HEMIS-aangeleenthede wat met studente, personeel en fisiese fasiliteite verband hou te bespreek, sowel as om bestaande hoëronderwysnetwerke te versterk en nuwes te vestig. Die geleentheid is een van die hoogtepunte op die jaarkalender van SAAIR, die Suider-Afrikaanse vereniging vir institusionele navorsing. Dié dinamiese vereniging se visie is om institusionele navorsing, opleiding en ontwikkeling, sowel as die uitruil en verspreiding van institusionele navorsingsinligting, in die konteks van 'n doeltreffende institusionele navorsingseenheid in elke hoëronderwysinstelling te bevorder. SAAIR se lede sluit in persone gemoeid met institusionele navorsing, bestuursinligting, institusionele beplanning, gehalteversekering, HEMIS, studenteadministrasie én die akademie. Die vereniging is saam met bykans vyftig ander internasionele navorsingsverenigings by die Amerikaanse Association for Institutional Research (AIR) geaffilieer.

Vanjaar se HEMIS-instituut by die US se Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) is deur prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, en prof Jan Botha, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning, geopen. Prof Botha tree ook sedert 2009 as SAAIR-voorsitter op. Die ander gassprekers was me Jean Skene, HEMIS-direkteur van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding; haar Departementskollega, dr Engela van Staden, Direkteur: Akademiese Beplanning, Monitering en Evaluering, en me Tamara Bezuidenhout, Senior Bestuurder: Programakkreditasie van die Raad op Hoër Onderwys.

Ander US-personeellede wat die instituut bygewoon het, was me Desmarie Meintjies van INB, mnr Paul Roos van Informasietegnologie, en mnr Peter Willoughby van Beplanning en Ontwikkeling.

# *Schola Cantorum Kamerkoor op soek na sangers*

Die Schola Cantorum Kamerkoor is op soek na nuwe sangers om by die koor aan te sluit en aan al die interessante projekte vir die res van vanjaar deel te neem.

In die eerste semester was die koor by twee suksesvolle projekte betrokke, naamlik die Afrikaanse Kunsliedprogram in Februarie, en die Endlerkonsert in April, en sien uit na nog 'n hele paar ander projekte in die tweede helfte van 2010.

Op 2 September sal die Noorweegse dirigent Kåre Hanken die koor in die Endlersaal lei in *Duruflé se Requiem*, en die motet *Jesu meine Freude* van JS Bach. Ander projekte sluit in Beethoven se Koraalfantasie met die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes en François du Toit as solis, sowel as 'n projek met musiek uit die Oosseestate saam met die saxofonis Artis Sīmanis en dirigent Romāns Vanags, albei uit Letland.

Juis vir hierdie ambisieuse projekte sal die koor vir die res van die jaar vergroot moet word. Sangers met ervaring in koorsang en 'n basiese bladsangvermoë word genooi om 'n oudisie te kom aflê. Gereelde oefeninge op Maandagaande word, waar nodig, van tyd tot tyd met ekstra oefeninge op ander aande of oor naweke aangevul.

Behalwe vir die uitvoerings, beplan die koor ook om opleidingsgeleenthede vir koorsangers aan te bied, en só die akademiese funksie van die koor, wat optredes vir dirigenteksamens insluit, uit te brei. Hierdeur poog die koor om sangers vir geleenthede in professionele koorsang voor te berei. Twee van die huidige koorlede, Tessa Roos en Eugene Gouws, is byvoorbeeld in 2009 en 2010 vir Europa Cantat en die IFCM (International Federation for Choral Music) se kamerkoor en wêreldjeugkoor onderskeidelik gekeur.

Om 'n oudisie te reël, stuur voor die einde van Julie 'n e-pos met 'n kort beskrywing van jou koorsangaktiwiteite na schola_cantorum@sun.ac.za. Vir verdere inligting oor die koor, besoek www.schola@sun.ac.za.




Die Kraaie Serenadegroep van Wilgenhof sing "Nader my God aan U" by die gedenkdiens

# Van Zyl Slabbert ’n ‘dienende leier’

“Die tema van hoop was sy bo-kleed, en hy het dit altyd saam met hom gedra. Hy het die idee om ’n simbool van hoop vir ander te wees, nooit verwerp nie. Wat hy wél verwerp het, is die saak waarvoor hy as die laaste hoop moes aanmeld. Hy sou vir apartheid geen laaste hoop wees nie.”

Dít is hoe die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, die ontslape voormalige Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), dr Frederik Van Zyl Slabbert, by ’n gedenkdiens ter viering van sy lewe beskryf het.

Dr Van Zyl Slabbert (70), ’n Matie-alumnus en -dosent, is op Vrydag 14 Mei by sy huis in Johannesburg oorlede. Die Universiteit het hom op 25 Mei met ’n diens in die Endlersaal vir sy bydrae tot die US en die land vereer.

Prof Botman het hom as ’n “dienende leier” beskryf wat altyd die Suid-Afrikaanse gemeenskap eerste gestel het, en homself, ondanks sy reuserol in ons demokrasie, as geringste geskat het.

Mnr Jannie Gagiano, oud-US-dosent en ’n vriend van dr Van Zyl Slabbert, het die huldeblyk gelewer. “Ons is hier om sy moed, sy dapperheid en sy waagmoed te vereer,” het hy gesê. Gagiano het ook sy sin vir humor geprys, en hoe hy ander kon laat lag deur die absurditeit van ’n saak uit te lig.

Dr Van Zyl Slabbert, het Gagiano gesê, was ’n “kind van die Verligting”, vir wie die onreg van apartheid diep getref het. Sy optrede het heftige teenkanting uitgelok van diegene wat apartheid ondersteun het, en dit het moed gekos om as student van die destydse Kweekskool van die US weg te stap toe hy nie meer hul leringe kon aanvaar nie. Eweneens was dit ’n moedige stap om in 1986 uit die politiek te bedank.

Volgens Gagiano het dr Van Zyl Slabbert ’n “groot verantwoordelikheidsbesef teenoor Suid-Afrika” en sy mense gehad, en was hy vasberade om ’n verskil in die land te maak, ondanks wat dit van hom persoonlik sou verg.





Links bo: In die plakkerskampe as parlementslid. Regs bo: met dr Beyers Naudé in gesprek. Onder: tydens die Peninsula Marathon. Regs onder: tydens die historiese vergadering wat IDASA met die ANC in Dakar, Senegal, in 1987 gereël het.

*“Dit is op die gebied van burgerlike betrokkenheid waar ’n Universiteit soos Stellenbosch deurbrake kan maak, nie net op die gebied van tersiêre onderrig nie, maar (ook) opleiding en onderrig in die algemeen. Natuurlik moet Stellenbosch nie wêreldkundigheid en mededinging inboet nie. Hieroor is die Rektor vasbeslote. Maar as ’n mens mooi na hom luister, dan is dit duidelik dat hy ook wil hê dat Stellenbosch Universiteit ’n gemeenskapsuniversiteit moet wees, met ander woorde ’n Universiteit wat identifiseer en help met die aanbod van kennis en vaardighede op alle vlakke in (die) Stellenbosch-omgewing. Ek weet as kanselier het ek geen uitvoerende pligte nie, maar ek bied myself aan, aan die Rektor om my te misbruik op hierdie gebeid soos hy goed dink. Ek het in ander kontekse proefondervindelik ervaar hoe mense vanuit die burgerlike samelewing die lewes van buitengewone behoeftige mense ingrypend kan verander. Niks kan Stellenbosch ’n groter sin van eie waarde en relevansie gee as om ook op hierdie gebied te presteer nie.”*

– Inhuldigingstoespraak op 1 Augustus 2008






## Wie was Frederik Van Zyl Slabbert?

Dr Van Zyl Slabbert was ’n bekende en geëerde politieke kommentator, meningsvormer, en stigter van die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (IDASA). Hy is op 1 Augustus 2008 as die 13de Kanselier van die US ingehuldig, maar het in September 2009 weens gesondheidsredes uit dié pos bedank.

Hy is in Pretoria gebore, en het ál vier sy grade aan die US verwerf. Dr Van Zyl Slabbert was ook ’n dosent aan die US, en die eerste inwonende hoof van Majuba-manskoshuis. In 2003 was hy die voorsitter van die paneel wat koshuistradisies en kampuskultuur op Stellenbosch ondersoek het.

Buiten die US, het dr Van Zyl Slabbert ook by twee ander Suid-Afrikaanse instansies onderrig gegee, en was boonop vanaf 1972 tot 1974 Hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Hy het sowel die Abe Bailey-reisbeurs as die Amerikaanse kultuuruitruilbeurs ontvang, en was ook ’n besoekende genoot aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT) in November 1982. Vyf jaar later word hy as Tanner-dosent aan die Brasenose-kollege in Oxford aangewys. Hy is ook ’n voormalige besoekende genoot van die All Souls-kollege, Oxford.

Dr Van Zyl Slabbert besit eredoktorsgrade van die Simon Fraser-universiteit in Kanada, sowel as van die universiteite van KwaZulu-Natal en die Vrystaat.

Hy het verskeie boeke die lig laat sien, onder meer *The last white parliament* (1986), *The quest for democracy* (1992), *Afrikaner Afrikaan* (1999), *The system and the struggle* (1990) en *The other side of history* (2006).

Wat sy politieke betrokkenheid betref, is hy in 1974 tot Parlementslid vir die Progressiewe Party verkies, en tree hy vanaf 1979 tot 1986 as die leier van die destydse amptelike opposisie, die Progressiewe Federale Party (PFP), op.

Ná sy bedanking uit die politiek stig hy IDASA saam met dr Alex Boraine, later ondervoorsitter van die Waarheids- en Versoeningskommissie, om gesprekvoering tussen oorwegend jong Afrikaners en die destyds verbanne vryheidsbeweging, die ANC, en sy geaffilieerde organisasies te bevorder. In 1987 het IDASA die nou reeds bekende besoek van hoofsaaklik Afrikaner-politici, -akademici en -sakelui aan die ANC in Dakar, Senegal, gereël.

Hierna was dr Van Zyl Slabbert voltyds politieke ontleder en konsultant vir ’n wye reeks maatskappye.









Heelonder van links: Dr Van Zyl Slabbert tydens sy inhuldiging as Kanselier. Saam met die rektor, prof Russel Botman, by die gradeplegtighede, besig om ’n graad aan ’n US-student toe te ken en tydens die oorhandiging van sy geraamde Kanseliershoed

(Foto's is deur Anton Jordaan, Hennie Rudman en IDASA verskaf)

# 'Honoured to serve my country'

He has been appointed as Commissioner to the government's National Planning Commission (NPC), but yet his main focus is not on relating how his vast experience in agriscience can make a contribution to the commission's work, but rather how honoured he feels to serve his country.



Prof Mohammad Karaan is honoured to serve his country

Prof Mohammad Karaan, Dean of the Faculty of AgriSciences at Stellenbosch University, has recently been appointed as Commissioner to the government's NPC.

"This is a wonderful privilege and I am honoured to be of service to this country," he said. "To craft a vision for South Africa that will carry it through to 2025 is a very important task. While we might have made South Africa, we have to do more to make South Africans. We are still very polarised. The new vision will give us direction in terms of where we are going as a country."

President Jacob Zuma recently announced the appointment of the 26 commissioners with a range of expertise in water security, climate change, food security, energy, infrastructure planning, human resource development, defence and security matters, the structure of the economy, spatial planning and demographic trends.

While previous terms such as "Rainbow Nation" coined by former Anglican Archbishop Desmond Tutu brought to mind ideals of a nation united in its diversity, Prof Karaan believes that these visions were spontaneous reactions to the needs of the country at a certain time. The NPC is an official institution that will consult with civil society and other interest groups and then work towards setting up a national development plan and vision statement for the country. The Commission will also monitor the implementation of the plan by government. The NPC will be assisted by a full-time secretariat in the Presidency, and will be chaired by Minister Trevor Manuel, who will feed its work into Cabinet and government in general. South African businessman Cyril Ramaphosa will act as the Deputy Chairperson.

Prof Karaan feels he can contribute to the Commission through his expertise in terms of policy, agriculture, natural resources and development. He is also familiar with land reform and fisheries policy and has a passion for rural development. Prof Karaan will serve on the Commission for five years. Over the next 18 months, he says, the commission has to work on finalising a vision for the country, constructing a final plan and then monitoring the implementation of the plan by government.

> *"The biggest challenges in South Africa are still that of education, health and capacity."*
> – Prof Mohammad Karaan

Prof Karaan feels that the biggest challenges in South Africa are still that of education, health and capacity. "We still face very deep-rooted systemic failures, whether in health, land reform or education, and much of that failure stems from the educational challenges in South Africa caused by apartheid. We can, however, not blame apartheid anymore. We must come up with a new plan."

"There is a realisation at all levels that despite the best intentions, the state still does not meet the requisite service-delivery levels to make this a winning country. The benefit of an NPC is that it can candidly confront the tough issues, deliberate them and offer direction in that regard."

Prof Karaan, who has obtained all his degrees at SU, became a lecturer in 1996 and was appointed Dean of AgriSciences in October 2008. He specialises in agribusiness management, supply-chain management, rural development, emerging agriculture, urban agriculture, agricultural marketing and economic empowerment and transformation. He has published seven articles in academic journals, five chapters in books and 20 reports. He has presented 16 papers, of which five were at international congresses.

Prof Karaan has served as President of the Agricultural Economics Association of South Africa, Chair of the National Agricultural Marketing Council and has chaired and served on various ministerial committees. He is often requested to advise parliament and government departments, is active in the corporate sector and serves on the boards of, among other bodies, the Land Bank, Pioneer Foods and Kaap Agri. His considerable experience in agriculture and his vision of a better future also makes him a popular speaker.

– Liezl Scholtz & Lynne Rippenaar

# Buvton spog met meer as net 'n nuwe naam



By die eerste seminaar van Ekklesia sedert sy naamsverandering is agter van links dr Jerry Pillay en dr Coenie Burger. Voor van links is dr Bruce Theron, prof Denise Ackermann en prof Nico Koopman (Anton Jordaan, SSFD)

Groter klem op die ekumene en wyer kerklike deelname sal die belangrikste verskil wees noudat die Fakulteit Teologie se Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (Buvton) onder die nuwe naam Ekklesia herorganiseer word. Dié ekumeniese sentrum vir leierskapsontwikkeling en gemeentestudie sal ten nouste met kerke saamwerk, en as 'n netwerksentrum tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en kerke bedryf word. Dié stap volg op sowat twee jaar van onderhandelings tussen Buvton en die Fakulteit.

"Ekklesia sal sterk op praktiese gemeente- en bedieningstudie en die ontwikkeling van leierskap in die kerk konsentreer. Dit sal hopelik 'n positiewe rol speel om meer predikante tot verdere studie en vorming aan te moedig, onder meer deur ook aan oorbruggingstudie aandag te gee," sê dr Coenie Burger, huidige Buvton-direkteur.

"Die groot verskil gaan wees dat heelwat meer kerke deel sal wees van die nuwe sentrum se aktiwiteite. In hierdie stadium het meer as 12 kerke reeds aangedui dat hulle met die nuwe sentrum gaan saamwerk. Só sal die sentrum 'n positiewe rol kan speel om onderlinge ekumeniese bande tussen kerke te versterk."

Die Fakulteit is opgewonde en dankbaar oor dié ontwikkeling, sê prof Nico Koopman, pas aangewese Dekaan. "Hiermee toon die Fakulteit nie net sy verbintenis tot kerke en die ekumene nie, maar verklaar hy ook sy diensbaarheid aan die gemeenskap."


Dr Burger sal as deeltydse direkteur van Ekklesia optree. Volgens hom begin die sentrum vanjaar met die aanbieding van drie eendagkursusse en ses driedagkursusse. Deelnemende kerke sal ook hul eie kursusse deur Ekklesia adverteer, en dit sodoende vir leraars van ander kerke toeganklik maak. Daar word tans nog onderhandel oor 'n MTh in Missionêre Transformasie (en 'n diploma wat daartoe toegang gee) wat deur Ekklesia en die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie aangebied sal word. Verskeie ander gesamentlike projekte word ook beplan.

Ekklesia het onlangs boonop sy eerste seminaar onder sy nuwe naam aangebied. Prof Denise Ackermann, buitengewone professor in die Fakulteit Teologie, en emeritus professor van die Universiteit van Wes-Kaapland; prof Koopman, en dr Jerry Pillay, Algemene Sekretaris van die Verenigende Presbiteriaanse Kerk van Suider-Afrika, was die sprekers, en het oor die onderskatte rol van predikante/pastors in die toekoms van Suid-Afrika gepraat.

Vir meer inligting, skakel met me Chrisna van der Merwe by cmer@sun.ac.za of 021 808 3624.

– Helette van der Westhuizen

# *Polimeerwetenskaplike vereer vir watersuiweringstelsel*



Die jare lange samewerking tussen polimeerwetenskaplike prof Ed Jacobs (foto) en 'n KwaZulu-Natalse navorsingsgenoot het nie net praktiese watersuiweringstegnologie tot stand gebring nie, maar het ook aan hulle 'n Tegniese Pretasie-toekenning van die Waternavorsingskommissie (WNK) besorg.

Die toekennings gee erkenning aan tegnologiese uitvindings wat deur die WNK gefinansier is en daarna tot voordeel van Suid-Afrika se watersektor kommersieel in die handel beskikbaar gestel kan word.

Prof Jacobs, verbonde aan die US se Departement Chemie en Polimeerwetenskap, en prof Lingam Pillay van die Durban Universiteit van Tegnologie (DUT), het die toekenning ontvang vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse kapillêre ultrafiltrasie- (SAKUF) watersuiweringstelsel.

Dit is uiters eenvoudige, kragtige, goedkoop en volhoubare watertegnologie wat die uitdagings van watervoorsiening aan randdorpe, skole, klinieke en plase kan oorkom. Dit waarborg dat bakterieë en parasiete soos E. coli, cholera, Giardia en cryptosporodia volkome verwyder word.

"Dit voorsien voortdurend water van 'n baie hoë gehalte wat alle gehaltestandaarde vir drinkwater oortref en die gehalte van gebottelde water ewenaar of oortref," sê prof Jacobs. "Die produkgehalte verander nie namate die gehalte van die ongesuiwerde water verander nie."

Hulle ultrafiltrasiemembraan-tegnologie is sedertdien in die mark vrygestel en is tans gelisensieer aan 'n BBSEB-maatskappy, Ikusasa Water, 'n afdeling van Ikusasa Chemicals Edms Bpk in Somerset-Wes, as kommersiële vennoot.

Die ontwikkeling van SAKUF het voortgespruit uit 'n unieke samewerkingsooreenkoms tussen die US, wat as 'n tradisioneel wit universiteit beskou word, en die ML Sultan Technikon (nou DUT), wat as 'n histories swart universiteit beskou word. Dié projek word beskou as 'n uitstekende voorbeeld van interinstitusionele samewerking om Suid-Afrika se tegnologiese ontwikkeling te bevorder.

Prof Jacobs was die leier van die projek en het die kerntegnologie aan die US ontwikkel, onder meer die kapillêre ultrafiltrasiemembrane wat water in so 'n mate kan suiwer dat dit aan die hoogste standaarde voldoen. Daarna het hy samewerking met prof Pillay geïnisieer om dié tegnologie in 'n werkbare watersuiweringstelsel te omskep en dit oor 'n tydperk van sewe jaar danksy WNK-befondsing te ontwikkel en te toets.

Volgens prof Jacobs is een van die voordele van hierdie stelsel dat dit ten volle outomaties is en nie hoogs geskoolde toesig vereis nie.

Die stelsel het ook 'n diens- en instandhoudingstrategie wat hoogs uitvoerbaar is in gebiede waar stelsels nie gereeld versien kan word nie. Verder is die stelsels modulêr en kan dit in verskeie groottes vervaardig word.

– Engela Duvenhage

# Stellenbosch receives R7,4 million from foundations

## *Grants to help previously disadvantaged students, young researchers*

Stellenbosch University recently received R7,4 million from The Andrew W. Mellon Foundation in the USA and the Claude Leon Foundation in South Africa for bursaries for previously disadvantaged postgraduate students and talented young researchers.

The Mellon Foundation donated $800 000 (nearly R6 million) to the University, which will be used for a bursary programme for previously disadvantaged postgraduate students and postdoctoral research fellows in the social sciences and humanities. The programme will enable the students and postdoctoral fellows to complete their degrees and research, thereby increasing the size and diversity of the South African pool from which to draw future academic staff. The programme is to be completed by 2013.

According to Ms Annamia van den Heever, the Director: Development and Alumni, this is the second grant that the University has received from the Mellon Foundation. "The previous grant not only enabled students from disadvantaged backgrounds to undertake postgraduate studies, but also helped them prepare for academic careers at SU. We expect this new grant to build on the success of the earlier one which has now come to an end."

"The grant also allow students, who would not otherwise have had the opportunity, with the means – and hope – to embark on future studies which will not only enhance their careers, but also make a contribution to society," she added.

In July three awards of R120 000 for doctoral studies and five awards of R90 000 for Masters studies will be made. The call for applications for these 2010 awards will be made soon. In 2012 a further seven awards will be allocated for doctoral studies – three awards of R140 000 – and Masters studies – four awards of R110 000.

The University also received funding from the Claude Leon Foundation, which donated R1 million to the University for the development of talented young researchers, as well as a further R400 000 for bursaries for students studying towards an honours degree in 2011. The R1 million grant (R200 000 per annum over a period of five years) will be used to aid young black scholars in particular – but not exclusively – to present papers at international conferences.

> *"The University needs the support of donors to continue to reposition itself and enhance the higher education stature of the country and the institution."*
>
> Prof Russel Botman

The Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, said that the University needs the support of donors to continue to reposition itself and enhance the higher education stature of the country and the institution. South Africa is facing a huge challenge, as its population of active researchers are rapidly ageing and the majority of the country's research is undertaken by older, white, male academics. The grant is viewed as timeous in developing a new generation of researchers in the faculties of Science, Engineering and Health Sciences, who can share their research globally and foster ties with the broader scientific community.

"The grant from the Claude Leon Foundation will go a long way in creating a climate conducive to research as well as offering opportunities for young academics to play a greater role in future scholarly and academic leadership development," said Prof Botman.

"It will also assist the University in its endeavours to utilise its proven strengths in the field of research and its innovative application of new knowledge to extend its positioning and role in South Africa, Africa and globally."

The Claude Leon Foundation is a South African charitable trust chaired by Mr William Frankel, OBE. Since 1997, the Foundation has provided substantial annual funding for its postdoctoral fellowship programme in the sciences for research at South African universities. Stellenbosch has been a major recipient of such funding and has received grants totalling more than R11 million to date.

The Mellon Foundation is a non-profit corporation that makes grants in five core programme areas, namely higher education and scholarship; libraries and scholarly communication; museums and art conservation; performing arts; and conservation and the environment. The main aim of the Foundation's higher education programme in South Africa is to develop the capacity in higher education by presenting opportunities to previously disadvantaged groups. Since 2003, the Mellon Foundation has granted nearly R22 million to the University, with which 47 previously disadvantaged postgraduate students and postdoctoral students were assisted. Of these, five have been taken on board as academic staff members.

# Aanstellings in Fasiliteitsbestuur bevorder dienslewering

**'n Bedryfsbestuurder, 'n ondersoekbeampte wat in misdaadintelligensie spesialiseer, en 'n bestuurder van bos- en natuurgebiede is van die nuwe personeellede wat hul onlangs by die Afdeling Fasiliteitsbestuur aangesluit het.**



Mnr Angelo Echardt



Me Melany le Roux



Mnr John de Wet

(Anton Jordaan, SSFD)

MNR ANGELO ECHARDT, die nuwe bedryfsbestuurder by Risiko- en Beskermingsdienste, het 13 jaar lank as speurinspekteur by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in Philippi gewerk voordat hy as hoof van die Afdeling Ondersoekdiens by die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie aangestel is.

Hy is nou verantwoordelik vir skofpersoneel, kontraksekuriteitspersoneel en bedryfsake in Risiko- en Beskermingsdienste.

Volgens mnr Echardt is die motivering van skofpersoneel, sowel as waardering vir die dienste wat hulle lewer, baie belangrik. "Dit is belangrik dat hulle gemotiveerd is sodat hulle hul hooftaak, naamlik kampusbeveiliging, tot hul beste vermoë kan verrig."

Hy hoop ook dat sy pos hom die geleentheid sal bied om die bestaande goeie verhouding tussen die kampusgemeenskap en Risiko- en Beskermingsdienste te versterk, om sodoende die afdeling se bydrae tot 'n veilige woon- en werkplek te optimaliseer. Mnr Echardt glo dat die kampusgemeenskap ook hulself kan beveilig deur nie waardevolle items in voertuie te laat nie, en ook vir hul eiendom en persoonlike veiligheid verantwoordelikheid te aanvaar. Hy reken dat deurlopende gesprekke tussen Studenteraadslede, huiskomitees, sowel as privaat- en koshuisstudente sinvol sal wees in misdaadbestryding op kampus.

In sy vrye tyd geniet hy sport, staptogte en lees. Sy gunstelingleesstof is rillers en spanningsverhale. Hy is getroud met Marie, en hulle het drie dogters, Andrea (15), Robin (9) en Amber (1).

ME MELANY LE ROUX was by die vervoer- en eiendomsbedryf betrokke voordat sy by die SAPD aangesluit het. Vir die afgelope agt jaar was sy gemoeid met die insameling van misdaadstatistieke in die Wes-Kaap, sowel as die opstel van statistiekontledings- en misdaadverslae.

Sy is in April as ondersoekbeampte by Risiko- en Beskermingsdienste aangestel, en sal haar op die insameling en verwerking van voorval- en misdaadinligting toespits. Me Le Roux sal daagliks aan haar afdelingsbestuur oor misdaadstatistieke en tendense op kampus verslag doen, sodat sekuriteitswerksaamhede, waar nodig, tydig en doeltreffend aangepas kan word.

Alhoewel me Le Roux van 'n misdaadvrye kampus droom, besef sy die huidige realiteite vereis dat alle rolspelers met mekaar in gesprek tree om 'n haalbare strategiese plan in werking te stel – nie net vir die studente nie, maar ook die gemeenskap.

Sy meen bewusmaking van veiligheidskwessies is belangrik, maar dat studente ook oor hul eie veiligheid moet begin gesels, en deurlopend belangrike inligting oor verdagte omstandighede of persone op kampus aan Risiko- en Beskermingsdienste of die SAPD moet voorsien sodat hulle vroegtydig kan optree.

As sy nie by die werk is nie, hou sy haar graag besig met fotografie, skilder en staptogte. Sy is getroud met Jacques, en hul dogter, Melanze, is twee jaar oud.


MNR JOHN DE WET, die pas aangestelde Bestuurder: Bos- en Natuurgebiede in Eiendomsdienste op die Stellenbosch-kampus, het by die voormalige Nasionale Departement van Omgewingsake gewerk, waar hy vir die bestuur van plantasies, kwekerye en padbouwerk in Mpumalanga verantwoordelik was. Later sluit hy hom aan by Sappi Forest (Edms) Bpk in Nelspruit, waar hy die afdelings Logistiek en Ontwikkeling, Vervoer, en Ontginnings bestuur het. Die afgelope drie jaar was hy betrokke by die oprigting van die maatskappy EC Biomass Fuel Pellets in Koega. Hier het hy die logistiek van binnelandse en internasionale skeepsvrag behartig, en was hy ook die maatskappy se bestuurder van veiligheid, gesondheid, omgewing en gehalte.

Mnr De Wet sal na die bestuur van die bergterreine, rivieroewers, oop ruimtes en bepaalde plantasies op kampus omsien. Hy sal ook proefpersele sowel as tegniese aspekte van die navorsingswerk van die Departement Bos- en Houtkunde bestuur. Daarbenewens is hy verantwoordelik vir die koördinering en leiding van voorgraadse studentepraktika in Bosboukundemodules. Mnr De Wet se aanstelling spruit uit 'n samewerkingsooreenkoms tussen Fasiliteitsbestuur en die Fakulteit AgriWetenskappe.

Hy, sy vrou, Nellie, en sy twee dogters, Leane en Nelmarie, bring graag tyd in die natuur deur. "Ek is lief vir rotsklim, diepseehengel en duik, en doen dit gereeld. Ek is ook 'n groot Stormers- en Springbokondersteuner, wat deesdae baie tyd in beslag neem."

– PRISCILLA BOOYSEN

## *OSP-veldtog: Ons loer agter die skerms!*



Vir sommige personeel en studente was die rol van fotomodel 'n vreemde ervaring toe foto's onlangs geneem moes word vir die Universiteit Stellenbosch se bemarkingsveldtog wat in die eerste week van die tweede semester afskop. Dié komiteekamer in Admin B is drie dae lank in 'n fotografiese studio omskep. Die foto's sal gebruik word in die samestelling van bemarkingsmateriaal, media-vouers, die nuwe webblad wat op die oomblik ontwikkel word en selfs ook vir die korporatiewe jaarverslag. Die foto's sal na die bekendstelling in Julie aan personeel en studente beskikbaar gestel word vir hul eie gebruik. Hou die kampusmedia dop vir meer inligting oor hierdie opwindende veldtog. Hier word dr Mdu Ndlovu, Adjunkdirekteur: IWWOUS, deur mnr Jac de Villiers afgeneem.

(Justin Enderstein)

## Regstelling van fout in *Kampusnuus*

In die *Kampusnuus* van 26 April 2010 is daar gerapporteer dat mnr Pieter Kloppers in 'n nuwe pos in die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) aangestel is. Die pos van Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe is nie 'n nuwe een nie, maar 'n bestaande pos (voorheen bekend as Bestuurder: Studentebehuising) wat volgens peromnes geëvalueer is en na direkteursvlak verander is. *Kampusnuus* vra om verskoning vir hierdie fout.


Almal wil kaartjies hê! En waarom dan nie ook sommer pret in die proses hê nie?


Voertuigpoel is gereed kom 11 Junie 2010! Agter van links is Lelanie Langford en Lincon Achilles en voor van links is Pieter Wever en Inge Wever

(Foto's verskaf deur Anton Jordaan en Hennie Rudman)

# Kampus skud al 'n jaar lank vere reg vir sokkerskouspel



Met nog net dae oor voor die grootste sportskouspel op aarde begin, is dit byna 'n jaar sedert 11 Junie 2009 toe daar onder personeel en studente op die kampus begin is met die Universiteit se eie jaarlange, aktiewe bewusmakingsveldtog vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi.

"Die US is 'n aktiewe rolspeler in die uitbou van 'n samehorige Suid-Afrikaanse samelewing," sê prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, onder wie se leiding dié kampusveldtog sommer báie opgelewer het. "Juis omdat die 2010 Wêreldbeker ook tot dié uitbouproses bydra, het die Universiteit die toernooi sedert 'n jaar gelede op baie maniere bekend gestel," sê hy.

Dié wye reeks bedrywighede vir Wêreldbeker-bewusmaking het op 'n hoë noot begin – presies 365 dae voor die werklike afskop – met 'n loodsingsfunksie vir personeel en ander gaste in die Neelsie en prof Smith as gasheer.

In Augustus, toe die studente ná die wintervakansie terug was, is die veldtog, ook in die Neelsie, aan die Maties bekend gestel – met 'n skouspelagtige vertoning wat onder meer vuurblasers, hiphop-dansers en sokkerbaltoertjies ingesluit het. Matie-sokkersterre was daar om aan die studente voorgestel te word. En prof Smith het sy kleurvolle makarapa gedra – daardie hoedjie wat saam met die vuvuzela kenmerkende toebehore vir Suid-Afrikaanse sokkergeesdriftiges geword het.

In Augustus het mnr Vernon Seymour van FIFA personeel en studente oor die Vrywilligersprogram toegespreek. Die US het aan FIFA dertien vrywillige personeellede uit Menslike Hulpbronne, Maties Sport, die Departement Besigheidsbestuur, IT en MFM voorsien om te help met die onderhoudvoering van vrywilligers.

US-personeel en -studente, munisipale personeel en die Maties se Junior-sokkerspan kon in September en April met busuitstappies Kaapstad se nuwe stadion gaan bekyk.

Foosbal was dikwels groot nuus. Vyf foosbaltafels is sedert Oktober gratis vir studente in die Neelsie beskikbaar. In Oktober het MFM vyf dae lank 'n foosbal-toernooi op kampus aangebied.

Sokker-bewusmaking op kampus het in Augustus al visuele gestalte gekry met 'n identiteitslogo, Ondersteun Twintig Tien (*Support Twenty Ten*) – wat deurlopend herhaal is op alle promosiemateriaal soos pamflette, verskillende baniere, koerantadvertensies, T-hemde, vuvuzelas, sokkerballe en selfs die US se voertuie. Dié hemde, vuvuzelas en sokkerballe is sedert Februarie by verskeie verhoogpromosies, funksies en sosiale geleenthede uitgedeel.

In November is die Webtuiste www.sun.ac.za/2010 geskep om die veldtog deurentyd onder studente en personeel se aandag te hou.

Groot kompetisies soos die *Flash Mob* Sokkerwedstryd in Maart, *Diski Dance-Off* in April en *Xbox*-kompetisie in Mei het ook in die media groot opwinding veroorsaak – met die *Flash Mob* Sokkerwedstryd wat selfs nasionale TV-dekking as hoofnuus gekry het.

Voetbal Vrydag het ook sy unieke plek in die veldtog gehad. Personeel uit verskeie omgewings is gereeld Vrydae opgemerk met groen T-hempies met US ONDERSTEUN TWINTIG TIEN daarop of met Bafana Bafana-hempies. Die Studenteraad het Ondersteun Twintig Tien 'n yslike hupstoot gegee met 'n foto van hulle met hul Bafana Bafana-hempies – op 'n groot banier in die Neelsie en in 'n advertensie in *Die Matie*.

Daar was nog vele meer – soos die sokkertema wat oral by Jool ingesluip het. Seker die grootste sokkergeleentheid was in Maart toe konstruksie begin het aan die US se nuwe Lentelus-sokkersentrum. Dit sluit onder meer vyf velde en 'n stadion in en is deel van die US se opwindende sportinisiatief vir die jeug – wat jare ná die 2010 Wêreldbeker nog vir minder bevoorregte jong mense in groter Stellenbosch 'n blywende verskil gaan maak.

⚽⚽⚽⚽⚽⚽

Nou's die toernooi net om die draai. Sowat 3 000 koshuisbeddens op kampus is vir sokkertoeriste beskikbaar. Dié semester eindig vroeër as ander jare – vir die Wêreldbeker. En oral op kampus word merkbaar reggemaak om deel te wees van dié wonderlike geleentheid. Afdelings soos die US se Voertuigpoel het al hul kantore met vuvuzelas, sokkerballe, plakkate en veel meer opgekikker.

Nou's dit amper sulke tyd. Net enkele dae!

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Pool pump:** Brand new pump for 30 000 litre pool. R1000. Please call 082 979 4667

**Te koop:** Boombas vir tuingebruik te koop. R30 per 50 liter sak. Kontak 083 991 7350

**Te koop:** Eiekehout-, Imbuia-, Stinkhout- en Geelhoutmeubels. Kontak 021 887 5319 of 021 886 6572

**Suiwer Heuning:** 500gr teen R25. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 823 8909

THE FIRE PLACE
Houtverkope
Kaggel /Hout
Die afsaag van bome
Kontak : Desmond
079 600 22 15

**3-seater Corricraft Afrique leather couch:** Tan colour with studs. 2.3m long. Excellent condition, hardly been used. Please call 074 192 8145

**TE HUUR / TO LET**

**Somerset-Wes:** Woonstel vir 1 persoon in veiligheidskompleks in stil area. Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met ensuite badkamer, sit/eetkamer en balkon met pragtige uitsig, kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3 100 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220

**Strand:** Ruim 2-slaapkamer, 2-badkamer woonstel op Strandfront geleë. Panoramiese see-uitsig. Onmiddelik beskikbaar. Toesluitmotorhuis. Uitstekende sekuriteit. Tel: 021 853 6484 of 076 565 6251

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Strand Pavilion:** 6 sleeper unit available for 1 week in July at the Strand Pavilion. Contact 082 979 4667

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorg akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Brackenfell – Tygerberg:** I would like to join a daily lift club to and from Tygerberg campus. I stay in Vredekloof Heights, Brackenfell. Please contact Annie on 082 923 5150 or barker@sun.ac.za

**Brackenfell – Stellenbosch:** I am looking to join a daily lift club to and from Stellenbosch. I live in Vredekloof, Brackenfell. If anyone has an opportunity please contact me at 021 808 9165

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Saamryklub gesoek tussen Kuilsrivier en Stellenbosch. Beskik oor eie motor. Kontak 021 808 4914 of mrichter@sun.ac.za


**Somerset-Wes – Stellenbosch:** Persoon met eie motor word gesoek vir saamryklub. Maandag tot Vrydag, 08:00 tot 13:00. Kontak Alma op 021 808 2117 (informa@sun.ac.za) of Vanessa op 021 808 2500 (vs@sun.ac.za)

**Southern Suburbs – Stellenbosch:** Lift needed, Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office) or after-hours 021 797 9649, or email lr2@sun.ac.za

**Stellenbosch – Tygerberg:** I am looking to join a lift club from Stellenbosch to Tygerberg and am willing to share the petrol costs. Please contact Koushik immediately at koushik@sun.ac.za or 084 83 00 113

**Wellington – Stellenbosch:** Saamryklub gesoek tussen Wellington en Stellenbosch. Beskik oor eie motor. Kontak Mariska op 021 808 2470 / 082 222 3032 / rsfswilgenhof@sun.ac.za

NEW HORIZON'S BLINDS & DECOR
cc.:2007/119367/23
Specialists in all types of window decor:
ALL TYPES OF BLINDS
OUTSIDE AWNINGS (CANVAS & ALLUMINIUM)
ALLUMINIUM FLY SCREENS (WINDOWS & DOORS)
CURTAINING AND CURTAIN TRACKS
REPAIRS ON ALL BLINDS
CONTACT:
FABIAN - 0833481703 / MICHELLA - 0735678734
FAX - 086 270 1683 / TEL - 021 886 6453
NHDECOR@TELKOMSA.NET



HOLIDAY DIGITAL PHOTOGRAPHIC COURSE
RUN BY SCPS/SSFD PHOTOGRAPHY
DATES : 17-20 /6 /2010 WORKSHOP 1 or
28 /6 TO 1/ 7/ 2010 WORKSHOP 2
THE COURSE IS HOSTED OVER 3 NIGHTS INCLUDES TRANSPORT; ACCOMMODATION; BREAKFAST AND SUPPER
THIS WORKSHOP IS DESIGNED TO TEACH YOU THE BASIC'S OR IMPROVE YOUR SKILLS
WHAT CAN YOU EXPECT
MAIN FOCUS LANDSCAPE / CLOSE UP
1. LECTURES ON DIGITAL PHOTOGRAPHY
2. PRACTICAL PHOTOGRAPHY ON LOCATION.
3. VIEWING OF YOUR IMAGES & PRINTING
LECTURES IN ENGLISH AND AFRIKAANS



IT IS HOSTED IN GANSBAAI AREA ± 150 KM FROM CAPE TOWN DEPARTING FROM STELLENBOSCH
NOT MORE THAN 7 STUDENTS AND NOT LESS THAN 4
PH: HENNIE ON 083 302 6676 / E-MAIL: pacj@sun.ac.za for further information
BOOKING ESSENTIAL



# Emotional ties to disability studies lead to Prof's new book

"Funny, intriguing, quirky and informative – never dull or academic." This is how South African author Mike Nichol described Prof Leslie Swartz's new book *Able-bodied: Scenes from a curious life.* This memoir, which focuses on Leslie's childhood, tells the story of "how being the son of a disabled man and the product of an eccentric family" developed his passion for disability studies.

Leslie is a clinical psychologist and a professor of psychology at Stellenbosch University. He is also one of South Africa's leading academics in disability studies. While he has written and contributed to numerous books, among the most recent being *HIV/Aids in South Africa: 25 years on – psychosocial perspectives* and *Disability and international development: Towards inclusive global health*, his latest work is one in which he has "enormous emotional investment".

"This is something I have wanted to do for a number of years. The book is about my relationship with my father, but also my background. It tries to bridge the gap between the personal, the political and the academic in a way that makes key issues accessible to a large audience," explains Leslie.

"With this book I've tried to change the way that people see disability and experience disability in their lives. It's also about what taking disability seriously means for a democratic society. I've tried to do this in an entertaining, often humours and interesting way."

Leslie says that he became aware at an early age of how people frame those who are other to them. "Living with a father who had a very severe limp, there would always be that moment where people would look at him and have to make a decision about their own reaction to him, because he was different. It made me aware of how people look at one another. It made me sensitive to and angry about issues of exclusion. I also grew up being very aware of how physical pain – my father also suffered from pain – is a private affair and often publicly acknowledged as legitimate. We all struggle to deal with our own feelings about the pain others feel, and one way to deal with this struggle is to deny that the pain exists, or to blame people in pain for somehow having brought the pain on themselves."

This experience also drew his attention to how gender issues interlink with those of disability. "I became aware of how women in particular are framed and how they are expected to bring healthy, able-bodied children into the world. My grandmother did not produce able-bodied children and this was devastating for her."


It is probably these issues that directed the interests of a young man, with an affinity for mathematics, to the non-traditional field of psychology – a decision he has never regretted, as he loves his job and interaction with students.

"As a psychologist I believe that many of the choices we make in our careers or studies are personally motivated. Because the issue of disability is such an evocative topic, you find that many people who get involved in disability studies are either disabled themselves or have experienced disability issues in their close personal lives."


The book, he says, was therefore also about declaring his own subjectivity when it comes to his field of study. "The enormous emotional investment for people who engage in disability studies is often unacknowledged. Through this book, I talk directly about my emotional investment in disability studies, which affect me as much as it affects other researchers."

The book does not attempt to speak for other people and certainly does not try to speak on behalf of disabled people. According to Leslie, it is a personal statement, and part of a thread that runs through all his work, which argues that feelings matter. "If we want to do our best work," he says, "we should not label the emotional investment in what we do as an irritation or something to be ignored. It is something to be recognised and embraced."

The book is available at most leading bookstores.



Prof Leslie Swartz with his new book, *Able-bodied: Scenes from a curious life* (Hennie Rudman, SSFD)

Van die stukke wat by die *Impromptu* uitstalling te sien is

# *'Impromptu' uitstalling by US Kunsgalery*

Die Kunsvereniging Stellenbosch bied tans saam met die Universiteitsmuseum 'n ongewone uitstalling aan met elf kunstenaars wat in 'n verskeidenheid kunsmediums werk. Dié uitstalling getiteld *Impromptu* het op 19 Mei geopen, en sal tot 18 Junie in die Universiteit Stellenbosch (US) Kunsgalery in Dorpstraat, Stellenbosch, te sien wees.

Die Kunsvereniging het die uitstalruimte skielik bekom, en die bestuur moes dus vinnig improviseer en Wes-Kaapse én Gautengse kunstenaars nooi. Die kunstenaars het op hulle beurt saamgespan om in die spesiale toeristetyd wat voorlê 'n *ad lib*-kombinasie van kunswerke byeen te bring – dus inderdaad impromptu in die volle sin van die woord.

Die keramiekkuns waarna besoekers kan uitsien, is die kleurvolle stukke van Clementina van der Walt, Hennie Meyer se humoristiese werke, en Christina Bryer se fyn geometriese items wat aan Brusselse kant laat dink.

Ook Anton Smit, 'n Gautengse beeldhouer wat die afgelope dekade nasionaal én internasionaal opgang gemaak het, en sy skilderseun, Lionel, stal saam uit. Die ander skilderye in die uitstalling is die handewerk van Mila Posthumus Reyneke.

Die fotograwe wie se werk te sien is, is Nicole Palmer, alombekend vir haar *Dance of Light*-fotografiekursusse; haar seun, Eric, en die bekende Stellenbosser Charles Biggs.

*Impromptu* sluit boonop die werke in van die grafiese kunstenaars Chris Diedericks, wat bekend is vir sy uitgesprokenheid oor seksualiteit, geslag en manlikheid, en die Gautenger Diane Victor, wat dikwels op die emosionele stryd van ons huidige Suid-Afrikaanse samelewing konsentreer.

Alle werke sal te koop wees.

Die Kunsgalery is oop vanaf 09:00 tot 17:00 op Maandae tot Vrydae, en vanaf 09:00 tot 13:00 op Saterdae. Toegang is gratis. Vir meer inligting, bel Hettie by 082 447 2214.

# *Feetjieland besoek dagsorgeenheid*

Die groep Navorsingsinligting en -strategie van die Universiteit Stellenbosch (US) se Afdeling Navorsingsontwikkeling het onlangs hul dagpakke vir feetjiekostuums verruil, en kinderstorieboeke by die Pebbles-dagsorgeenheid naby Klapmuts gaan uitdeel. Die Afdeling het onlangs besluit om 'n gemeenskapsinteraksieprojek te ondersteun, en het die Pebbles-dagsorgeenhede in die Stellenbosch-omgewing as begunstigdes gekies. As hul eerste uitreikpoging het hulle kinderstorieboeke ingesamel. Te danke aan ruimhartige bydraes is die kinders by die Klapmuts-eenheid nou 50 boeke ryker.

Saam met die boekoorhandiging het die groep ook die dagsorgeenheid se ander behoeftes bepaal. Toe Liewe Heksie, Sneeuwitjie en die prins vir die kinders 'n storie vertel en boonop vir elkeen 'n eie pakkie eetgoed gee, was daar geen keer aan die opwinding nie. "Die oggend het bewys dat 'n klein bietjie ekstra tyd en inisiatief ongelooflik baie vir die gemeenskap kan beteken, al is dit op klein skaal. En natuurlik was dit die moeite werd – veral om die kinderhartjies te sien bons van vreugde," vertel me Maryke Hünter-Husselmann, Bestuurder: Navorsingsinligting en -strategie.

Die Pebbles-projek is daarop gemik om ondersteuning en onderrig aan kinders uit benadeelde agtergronde te bied. Pebbles het 'n hele paar dagsorgeenhede in die Boland-omgewing (kyk www.pebblesproject.co.za vir meer inligting).


Die US-groep beoog om drie dagsorgeenhede te ondersteun en in die loop van die jaar verskillende soorte insamelingsbedrywighede ten bate van die kinders aan te bied.

- Enige persoon wat belang stel om betrokke te raak, kan met Felicia McDonald (fmcdonald@sun.ac.za) skakel.


Liewe Heksie (Maryke Hunter-Hüsselmann), die prinses, (Marica West) en die prins (Esther Kritzinger) het onlangs die Klapmuts Pebbles-dagsorgeenheid besoek as deel van 'n gemeenskapinteraksieprojek aan die US

## BOEKE / BOOKS


### HIV/AIDS, POVERTY AND PASTORAL CARE




*Author: Vhumani Magezi*

Statistical data confirm beyond doubt that sub-Saharan Africa is a very poor region with the highest HIV/Aids prevalence in the world. The region has poor and limited health facilities and resources (human and financial). Such a situation is conducive to the increase of the HIV/Aids pandemic. HIV/Aids and poverty are intricately linked and they interplay. Effective response to the situation requires a relevant, applicable and holistic model. This publication carefully describes the HIV/Aids pandemic and how it is understood in some African contexts, which hampers prevention initiatives. It also delineates the complex nature of the poverty and HIV/Aids interplay. To address the situation, a family systems practical ecclesiological theology and approach to HIV/Aids ministry and a pastoral counselling approach that derives from and is sensitive to the African context are proposed. The proposed model comprises congregational home-based pastoral care that integrates the church and African extended family systems for effective HIV/Aids ministry.

### ACCESS TO SOCIAL SECURITY




*Editors: Ulrich Becker and Marius Olivier*

Access to social security has always been, and still is, a social policy issue of great concern and has, despite all the developments and achievements of the last century, not ceased to be a question of appropriately circumscribing the scope of personal coverage. The authors of this publication argue that access to social security can prove difficult in terms of various aspects. The first involves the protection of non-citizens which, despite its long-standing history, remains on the list of the most serious problems because of the linkages and tensions between social security and redistribution, and between citizenship, immigration policies, the legitimation of redistributive measures through voting and human rights. The second relates to the fact that traditional social insurance systems are employment-based, with the consequence that this form of social security is selective. It not only leaves out all people without employment, but also those who work in the so-called informal sector. Moreover, social assistance is often provided on a categorical basis, excluding in principle not only the able-bodied but also non-citizens.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)
www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

# Nasionale Ordes vir bydrae tot Suid-Afrikaanse samelewing



Prof Monique Zaahl ontvang die Orde van Mapungubwe (brons) van Pres Jacob Zuma



Mnr Ernst van Dyk ontvang die Orde van Ikhamanga (silwer) van Pres Jacob Zuma

## *Twee Matieleiers in genetika en Paralimpiese sport onderskeidelik vir hul bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing vereer*

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Monique Zaahl en Ernst van Dyk het albei Nasionale Ordes van die President, mnr Jacob Zuma, ontvang. Die Orde van Mapungubwe (brons) is aan Monique toegeken vir haar besondere bydrae tot die gebied van genetika, en navorsing oor siektes wat met ysteroorlading verband hou. Ernst het weer die Orde van Ikhamanga (silwer) ontvang vir sy uitnemende prestasies in Paralimpiese sport, en as rolmodel vir alle Suid-Afrikaners.

Monique is 'n professor en senior dosent in Menslike Genetika van die US se Departement Genetika. Ná haar voor- en nagraadse studie aan die US, het sy met 'n tweeterrein- ("split site") doktorale studiebeurs van die Statebond die tweede jaar van haar doktorale studie in Menslike Genetika gedeeltelik aan die Universiteit van Oxford voltooi.

Haar belangstelling in en passie vir genetika het haar ook die maatskappy Genediagnostics (Edms) Bpk laat stig wat diagnostiese toetse oor siektes met betrekking tot ysteroorlading uitvoer.

Monique lag nou lekker daaroor dat sy ná haar voorgraadse studie verklaar het dat sy nooit weer gaan studeer nie. Danksy haar terugkeer na die akademie en haar navorsing, is sy vandag een van die voorste navorsers oor die impak van genetiese agtergrond op verskillende bevolkingsgroepe sowel as ysteroorlading, en het sy ook diagnostiese toetse daarvoor ontwikkel.

"Ek was nie altyd die beste in my klas nie, maar ek het my nis gevind en uitgebou. Ek glo as jy eers weet wat jou passie is, gaan jy suksesvol wees."

Sy gee ook graag klas, en reken dat sy haar studente moet inspireer om hul potensiaal te bereik. "Ek dink nie altyd dosente begryp die moeilike omstandighede en uitdagings waarvoor hul studente daagliks te staan kom om 'n sukses van hul studie te maak nie."

Alhoewel sy glo dat vroue se rol in leiersposisies aan die US verder versterk moet word, voel sy dat sy as vrouedosent ook 'n bydrae lewer deur toekomstige leiers te ontwikkel.

Sy heg groot waarde aan die ondersteuning van haar man, Elmo, en haar kollegas en medenavorsers. "Jy kan nooit sê jy het dit alleen gedoen nie, want verskeie mense dra by tot jou sukses. Daarom is dit ook belangrik om mentors te hê wat jou help ontwikkel."

Monique is tans besig met 'n MBA aan die US se Bestuurskool.

Ernst is 'n geleentheidsbestuurder by die US se Sportprestasie-instituut (SUSPI); het die Amerikaanse Bostonmarathon al nege keer gewen, en bestuur sy eie sporttoerustingmaatskappy. Hy dien tans in SASCOC (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee) se atletekommissie, en is een van vier raadslede van Fietsry SA.

Alhoewel Ernst sonder bene gebore is, het dit hom nooit gekeer om 'n sukses te maak van wat hy ook al aanpak nie. Op 'n vroeë ouderdom reeds het hy aan verskeie sportsoorte begin deelneem. Later het hy ook Sportwetenskap aan die US studeer. In 1992 het hy in die Paralimpiese Spele in Barcelona in swem en atletiek meegeding. Hy het vyfde geëindig in die swemfinaal, en tot die semifinaal in die rolstoelresies deurgedring.

Sy eie stryd om bekostigbare sporttoerusting te bekom het tot sy maatskappy, Enabled Sport, gelei. "Een van my grootste frustrasies toe ek aan sport begin deelneem, was die duur toerusting. Daarom voer ek nou toerusting vir sportlui met gestremdhede teen baie billike pryse in, en verkoop dit plaaslik. Só kan Suid-Afrikaanse sportlui met gestremdhede nou veel goedkoper aan beroepsport deelneem."

Met die Orde is Ernst onder andere vir sy prestasies op die sportveld vereer. "Ons weet die Suid-Afrikaanse president het groot agting vir sport in hierdie land, so hierdie eerbewys stuur 'n sterk boodskap dat gestremdesport dieselfde erkenning as gewone sport geniet. Die feit dat ek gereeld aan hoëprofielsportgeleenthede deelneem, verhoog ook die profiel van sportlui met gestremdhede. Dit het my in staat gestel om 'n rolmodel vir jongmense in Suid-Afrika te wees."

"Baie jongmense met gestremdhede het niegestremde rolmodelle, maar dit is soms makliker om jou te vereenselwig met iemand wat in dieselfde bootjie as jy is," voeg hy by. Hy lewer dus gereeld motiveringspraatjies by verskeie organisasies en maatskappye sowel as skole.

Ernst voel sterk daaroor dat die onderskeid wat tussen persone met gestremdhede en dié daarsonder getref word, net verdere diskriminasie aanvuur. "Die wêreldwye tendens is om hoofstroomsport by Paralimpiese sport te integreer. Die wiel draai stadig, maar dit is ook besig om plaaslik te gebeur. Ek dink dit sal help om die bestaande onderskeid uit te wis. Sport is tog maar sport."

## WIE, WAT EN WAAR?

### SPORTBUROPERSONEEL SKUIF NA FASILITEITSBESTUUR



Die instandhouding van die Universiteit Stellenbosch (US) se sportfasiliteite, wat tot dusver die Sportburo se verantwoordelikheid was, is onlangs deur Eiendomsdienste in die Afdeling Fasiliteitsbestuur oorgeneem. Agt-en-twintig personeellede is boonop oorgeplaas, en is nou deel van die Fasiliteitsbestuurspan. Hulle is (agter van links) mnre Arthur Pohl, Rodney Rhode, Booi Booise, Freddie Engelbrecht, Marcus Magadani en Michael Malgas. In die middel is mnre Selvin Damonse, Dean Kennedy, Karel Josephs, Chrisjan Slammat, Jakobus Muller, Eric Javu, Johannes Muller, Lukas Williams, Stafford Pietersen en Daniel Claassen. Voor is mnre Jakobus Arendse, Francois van Niekerk, Steven McKenzie, Martin Damonse, Paul Rudolph en John Bessick. Mee Marthina Pietersen en Belinda Paulse, sowel as mnre Stemmet Nozakuzaku, Alrick Abrahams en Samuel Page was afwesig toe die foto geneem is. (Anton Jordaan, SSFD)

### STUDENTE WEN IPOD'S IN BIBLIOTEEKKOMPETISIES




Mnr Arnold Motsau (middel), 'n teologiestudent, en me Michelle Huang (regs), 'n student in Natuurwetenskappe, het onlangs elk 'n iPod in twee afsonderlike Biblioteekkompetisies gewen, waardeur SCOPUS aan die kampusgemeenskap bekend gestel is. SCOPUS is 'n omvangryke databasis van opsommings en sitate uit navorsingsliteratuur en webbronne. Dié bron uit die stal van die uitgewer Elsevier ondersteun die literatuurnavorsingsproses, en bied navorsers vinnige en maklike toegang tot omvattende inligting. Die Biblioteek is vanjaar deel van 'n vennootskapsooreenkoms met Elsevier wat 'n verskeidenheid aktiwiteite ter ondersteuning en bevordering van die navorsingsproses aan die Universiteit behels. Me Ellen Tise, Hoof: Biblioteek- en Inligtingsdiens, het die pryswenners se iPod's oorhandig. (Hennie Rudman, SSFD)

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 21 Julie 2010**

**Redakteur:** Lynne Rippenaar
**Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632,
e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: (021) 808 4851, faks: (021) 808 3800
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY